lapa
UITGEWERS

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel. (012) 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10 op 13pt Arial
Omslagontwerp en grafiese uitleg deur Full Circle

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

# **Suurlemoen!**
# Onderwysergids

Liesbet Gelderblom

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za

# Inhoud


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 5 |
| 2. | Voorgestelde onderrigmodel | 5 |
| 3. | Die omslag | 6 |
| 4. | Titel | 7 |
| 5. | Die skrywer | 8 |
| 6. | Literêre terme | 10 |
| 7. | ’n Kort oorsig oor die postmodernisme | 15 |
| 8. | Resensies | 20 |
| 9. | Opsomming | 24 |
| 10. | Inhoudelike vrae | |
| | *Hoofstuk 1-5* | 25 |
| | *Hoofstuk 6-10* | 26 |
| | *Hoofstuk 11-15* | 27 |
| | *Hoofstuk 16-20* | 29 |
| | *Hoofstuk 21-25* | 30 |
| | *Hoofstuk 26-30* | 31 |
| | *Hoofstuk 31-35* | 32 |
| | *Hoofstuk 36-40* | 34 |
| | *Hoofstuk 41-45* | 35 |
| | *Hoofstuk 46-52* | 36 |
| 11. | Antwoorde | 38 |
| 12. | Hersiening van die inhoud | 55 |
| 13. | Assesseringstake, aktiwiteite en werkskaarte | |
| | *Hersieningstoets 1* | 67 |
| | *Hersieningstoets 2* | 71 |
| | *Luister en praat* | 74 |
| | *Lees en kyk* | 74 |
| | *Skryf en aanbied* | 75 |
| | *Boekverslag* | 79 |
| | *Taalstrukture en - konvensies* | 82 |
| 15. | Bronne | 83 |
| 16. | Erkenning | 83 |

# Inleiding

*Suurlemoen!* verskaf ’n heerlike leeservaring vir jonk en oud. Graad 8- en 9-HT-leerders sal die boek verslind en dit werk net so goed in die EAT-klaskamer vir graad 10 en 11, juis omdat dit nie ’n kinderlike boek is nie.

Hierdie onderwysersgids is geskryf volgens die vereistes van die finale konsepdokument van die Nasionale Kurrikulum-en-Assesseringbeleidverklaring (KABV) om die onderwyser se taak te vergemaklik in die aanbieding van die teks op ’n praktiese wyse in die klaskamer.

# Voorgestelde onderrigmodel

Die onderwyser lees die storie eers self deur en merk die woorde waarmee die leerders waarskynlik sal sukkel.

**Pre-lees** stel leerders aan die teks bekend. Dit aktiveer assosiasies en vorige kennis.

- Bespreek die omslag.
- Gee agtergrondinligting oor die skrywer.
- Maak voorspellings n.a.v. die titel, voorblad, lokteks, ontwerp.
- Bespreking oor die postmodernisme
- Maak voorspellings oor wat volgende gaan gebeur.

**Lees** verwys na die verstaan van die teks en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan.

- Lees die verhaal hardop voor, met soveel gevoel moontlik.
- Sleutelwoorde kan tydens die leesproses onder die leerders se aandag gebring word.
- Betrek die leerders in die leesproses, byvoorbeeld twee seuns lees die woorde van Tiaan en Zane. Doen dieselfde met die meisiekarakters. Merk vooraf in die verhaal die dele sodat daar nie misverstand is nie. Beklemtoon dat dit konsertlees is, nie bloot deurlees om klaar te kry nie. Maak seker dat al die leerders in die klas ’n beurt kry, om te verseker dat almal in die klas aandag gee en die nuwe woordeskat aanleer.

- Laat die leerders deur die loop van die leesproses aantekeninge en opsommings in hul werkboeke maak.

**Post-lees** stel leerders in staat om die teks as geheel te beskou en daarop te reageer.

- Die inhoudelike vrae en werkskaarte in hierdie gids is saamgestel om klasbesprekings te lei en leerders te lei om hul eie afleidings te maak en opinies te vorm.
- Die aktiwiteite sal die leerders bystaan met visualisering en hul skryfvaardighede slyp.
- Kyk na ’n resensie oor die boek en gee leerders ook self die geleentheid om die boek te evalueer.

## Die omslag

Lei die bespreking in met ’n bietjie boekopvoeding:

- **rugkant =** spine (of a book)
- **flapteks =** inside flap
- **uitgewer =** publisher
- **ISBN =** The International Standard Book Number

Vergelyk die voorblad van die eerste uitgawe van die boek met die voorblad van die heruitgawe. Van watter een hou jy die meeste? Hoekom?






**AKTIWITEIT:**
Volg die riglyne en ontwerp ’n nuwe omslag vir Suurlemoen!:

**Die voorblad:**
- Titel en skrywer
- Kleurvolle illustrasie(s)

**Die rugkant:**
- Titel en skrywer
- Uitgewer se logo

**Flapteks:**
- Titel
- Opsomming (150-200 woorde) van die boek

**Agterkant:**
- Inligting oor die skrywer (maks. 200 woorde)
- Uitgewer se logo
- ISBN

## Titel

Die titel is net ’n ander woord vir “die boek se naam”. Hierdie boek het egter ook ’n subtitel.
- *Suurlemoen!* – Titel
- *’n Storie oor rock, liefde en ’n tuinkabouter* – Subtitel (“Sub” beteken “onder”.)

Die titel, *Suurlemoen!*, verwys na die naam van Tiaan, Zane, Bongi en Liezl se orkes. Die hoofintrige in die verhaal sentreer rondom die ontstaan, probleme en sukses van hierdie orkes.

Die subtitel verskaf ’n kort en kragtige opsomming van waaroor die storie gaan en prikkel die leser se nuuskierigheid. Ons kan reeds uit die titel aflei dat musiek ’n rol in die verhaal speel en ’n liefdesverhaal voorspel, maar hoe pas ’n tuinkabouter in die prentjie? Die subtitel gee vir ons ’n voorskou van die subintrige in die verhaal (Tiaan en Liezl se verhouding).

Jaco Jacobs vertel hoe die boek sy naam gekry het:

> *"Ek het 'n suurlemoen gaan koop en dit afgeneem. En toe het ek op Photoshop begin rondspeel en 'n plakkaat gemaak met 'n foto van 'n suurlemoen wat by 'n muurprop ingeprop is, en ek het vir die suurlemoen 'n klankknoppie gegee, asof dit 'n CD-speler is. Boaan die plakkaat het ek die woord* ***Suurlemoen!*** *– met 'n uitroepteken – geskryf. En net daar het ek besluit dit sal 'n* great *naam vir 'n* band *wees. En so het dit die naam van my boek geword."*

## Die skrywer

Jaco is op 'n klein Karoodorpie met die naam Carnarvon gebore. Hy was net sewe jaar oud toe hy al sy eerste storie geskryf en geïllustreer het (maar hy sê dit was so simpel dat nie eens sy ma en pa dit wou lees nie). Hy was sy hele skoolloopbaan in die Hoërskool Carnarvon, en in matriek was hy hoofseun (van 'n klas van net 14 matrieks!).

Ná skool het hy B.A. Kommunikasiekunde en sy honneurs in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die Universiteit van die Vrystaat voltooi, voordat hy by *Volksblad* in Bloemfontein begin werk het, onder meer as redakteur van *JIP*.

Deesdae is hy uitgewer van kinder- en jeugboeke by LAPA Uitgewers. Hy het sy eerste boek, *Pretpark*, reeds aan die einde van matriek geskryf (hoewel dit eers heelwat later gepubliseer is). Sy eerste boek wat verskyn het, was *Troetelgedrog* (2001). Sedertdien het hy al meer as negentig boeke vir kleuters, kinders en jong volwassenes geskryf. Hy woon in Bloemfontein saam met sy vrou, Elize, sy dogtertjie, Mia, en twee honde, Pippie en Binki.

Jaco se skryfwerk is reeds bekroon met die Alba Bouwerprys, die C.P. Hoogenhouttoekenning, die MML-letterkundeprys, die Elsabe Steenbergprys en sewentien ATKV-kinderboektoekennings.

# Vrae aan die skrywer oor *Suurlemoen!*

**Wat dink jy maak dit ’n lekkerleesboek?**
Ek hou van boeke wat ’n mens laat lag, en Tiaan, die hoofkarakter en verteller in *Suurlemoen!*, is vir my baie snaaks, al moet ek dit self sê. Terwyl ek die storie geskryf het, het ek soms kliphard gelag vir sy sêgoed of die weird goed wat hy aanvang – dis vreemd, maar soms het dit regtig gevoel of dit nie ek is wat dit uitdink nie! Die ander karakters, Zane en Bongi en Liezl, is almal op hul eie manier ook snaaks. Ek dink ook die boek is gewild omdat dit oor liefde en musiek gaan – gewilde temas in die meeste jongmense se lewe.

**Die uitleg van *Suurlemoen!* is nogal uniek. Het jy enige insae daarin gehad?**
Ja, terwyl ek die storie geskryf het, het ek presies aangedui waar elke nota en foto moet wees. Daarna het die uitlegkunstenaar Elsabé Milandri die teks gekry. Sy het al die notas met die hand oorgeskryf, die illustrasies gemaak, en modelle gaan soek en afgeneem om in die boek te gebruik. Ek dink sy het fantastiese werk gedoen – al die karakters lyk nes ek gedink het hulle behoort te lyk, en sonder Elsabé sou die boek beslis nie so mooi gelyk het nie. O, en sy het ook ’n hele paar visuele grappies van haar eie in die teks gesit!

**Is *Suurlemoen!* gebaseer op enige kinders wat saam met jou op skool was?**
Uhm ... sjoe, ja, ek dink nogal so. Een van my beste vriende op hoërskool was nogal baie soos Zane – hy’t gedurig al die meisies gekry, ook dié waarvan ék gehou het! Ons het natuurlik baie daaroor baklei, maar ek het hom maar altyd weer vergewe. Twee mense het al vir my gesê Tiaan laat hulle baie dink aan hoe ekself op skool was – ’n bietjie van ’n *nerd*, met ’n effe vreemde humorsin. Ek weet nie of dit waar is nie!

**Speel jy ’n musiekinstrument?**
Nee, glad nie. Ek het ’n jaar of twee klavierlesse geneem op laerskool, maar ek het dit geháát! Ek kry nou nog koue rillings as ek dink aan daai toonlere wat ek saans moes oefen voor ’n musiekles.

Deesdae is ek spyt dat ek nie maar aangehou het daarmee nie, want ek sou baie graag ’n musiekinstrument wou speel. Maar ek dink nie ek het die geduld om dit te leer nie.

**Was jy al ooit in ’n *band*?**
Nee, glad nie. Maar ek sou baie graag in ’n *heavy metal band* wou wees!

(http://www.storiewerf.co.za/onderhoude/oh_jacojacobs2.htm)

## Literêre terme

### Titel:

Die ***naam*** van die storie. Verraai dikwels waaroor die verhaal gaan of gee die tema.

Die titel, *Suurlemoen!*, verwys na die naam van Tiaan, Zane, Bongi en Liezl se orkes.

### Ruimte (milieu) en agtergrond:

Die ruimte is die ***plek*** waar die karakters hulle bevind en die gebeure plaasvind.

- Skool (Hoërskool Sentraal)
- Hoekom, dink jy, het die skrywer die skool as ruimte gekies? Hoe sou die verhaal verskil het as die karakters reeds op universiteit was?

Die agtergrond is gewoonlik meer van toepassing op ’n politieke of geskiedkundige teks, waar ons iets van die geskiedenis moet weet om die boek te kan verstaan. Al wat ons hier moet weet, as agtergrond, is dat hierdie boek baie bewustelik in die postmodernistiese tradisie geskryf is. Die hele boek berus ook op ’n postmodernistiese tema – dit is ’n skeppende werk oor skeppende werke.

### Tydsverloop:

**Verteltyd:** 160 bladsye
**Vertelde tyd:** Amper drie maande. Hoe weet ons dit? Op p. 39 is dit die Vrydag net ná die oudisies en Bongi sê daar is nog twee maande

oor na die einde van die kompetisie toe. Die boek eindig net na die kompetisie. Op p. 152 (die dag van die kompetisie) sê Tiaan hulle is amper drie maande bymekaar.

## Verteller:

**Eerstepersoonsverteller (ek-verteller):**
Een van die karakters vertel die verhaal.

**Derdepersoonsverteller:**
Hierdie tipe verteller is ’n buitestander en gee vir die leser ’n blik van buite op ’n groep karakters en gebeure.

- Eerstepersoonsverteller (Tiaan) vertel hierdie verhaal.
- Hoekom, dink jy, het die skrywer hierdie tipe verteller gekies?

## Die *persone* in die verhaal.

- *Hoofkarakter*: Tiaan (ook die verteller)
- *Newekarakters*: Zane, Liezl, Bongi, meneer Marx, juffrou Pienaar, Tiaan se ma, meneer Van Schalkwyk, Psycho Bob en Willem, Frik van Tonder.

## Uiterlike voorkoms:

Hoe lyk die karakters?

## Innerlike eienskappe:

Verwys na aspekte van die karakter se persoonlikheid.


## Karakterontwikkeling:

As ’n karakter deur die verhaal groei of verander of tot nuwe insigte kom.

## Karakterisering:


Hoe skets die skrywer vir die leser ’n prentjie van die karakters? Voorbeelde is hoe die verteller die karakter beskryf, dialoog (wat die karakter sê en hoe hy praat), die karakter se naam, wat die karakter dink, ens.

Maak gebruik van die Venn-diagram om Tiaan en Zane se karakter-eienskappe met mekaar te vergelyk:




## Intrige:

Die plot. Die reeks gebeure waaruit ’n verhaal opgebou is. Die gebeure word op so ’n manier georganiseer dat dit tot ’n klimaks lei en in ’n ontknoping opgelos word. Die intrige is dus hoe die storie ontwikkel/verloop.



In *Suurlemoen!* leer ons die karakters aan die begin ken. Dan sien ons hoe die orkes ontstaan, ’n naam kry, opbreek, weer bymekaarkom en ... die kompetisie wen (klimaks).

## Konflik:

Die gebeure in die storie veroorsaak botsing/konflik.

## Innerlike konflik:

Wanneer die karakter wroeg oor iets of wanneer daar konflik in die karakter se gemoed is, bv. Tiaan hou van Liezl, maar sy beste vriend, Zane, hou ook van haar ... Wat sal hy doen?


## Uiterlike/eksterne konflik:

Karakters bots of baklei met ander karakters, die omgewing of gemeenskap as geheel, bv. ná die dag by Tiaan se huis, praat Zane en Liezl nie met Tiaan nie.

Uiterlike konflik kan lei tot innerlike konflik en andersom.

Maak gebruik van die diagram om een van die konfliksituasies in *Suurlemoen!* uit te beeld:

- Frik en die lede van Suurlemoen!
- Tiaan se bure en die lede van Suurlemoen!
- Tiaan en Zane – eers wanneer hierdie konflik opgelos is, kan die groep weer voortgaan



## Handeling:

Wat ***gebeur*** in die storie?

**Uiterlike handeling:** Dinge wat ons sien gebeur.

**Innerlike handeling:** Die gedagtes of gevoelens van die karakters.

## Tema:

Sentrale idee(s), hoofgedagte(s).

Wat, dink jy, is die tema(s) in *Suurlemoen!?* Musiek? Liefde? Kreatiwiteit?

## Boodskap:

In elke verhaal wat mens lees, is daar lewenslesse opgesluit.

Watter les(se) kan jy uit die verhaal leer?

- Aanhouer wen.
- Wie nie waag nie, wen nie.
- Wees net jouself.
- Leef jou drome uit.

# ’n Kort oorsig oor die postmodernisme

Die postmodernise speel ’n baie belangrike rol in hierdie roman.

## Wat is die postmodernisme?

Om *Suurlemoen!* te verstaan, moet ons iets van die postmodernisme weet. Meneer Marx se “lesing” oor die postmodernisme (pp. 8-9) is nie om dowe neute ingegooi nie. Net so is Liezl se definisie nie toevallig hier geplaas nie. Kyk weer daarna:

“Dis gewoonlik ’n soort reaksie op die modernisme, Meneer. Dit lewer met ander woorde kommentaar op ouer kuns.”

Ons kan dus verwag dat *Suurlemoen!*, die boek, ook kommentaar gaan lewer op ouer kuns.

## Wat is modernisme?

As Liezl reg is oor die reaksie op die modernisme, moet ons seker weet wat die modernisme is?

Die modernisme het saamgeval met die ontwaking van die mens as ’n wetenskaplike wese. Die jare 1800-1900 het geweldige wetenskaplike groei in Europa en in die VSA gebring. Industrieë het gegroei, en die meeste mense het op ’n manier begin werk in een of ander fabriek.

Dit beteken dat baie mense arm was, en ander ryk, maar almal het gelyke kanse gehad om ryk te word. Daar was inderdaad arm mense wat oor die jare hard gewerk het en baie ryk geword het.

Verder het die armes, wat nou in die fabrieke gewerk het, hulleself in vakunies begin groepeer en saamgestaan om beter betaal te word en beter ure te werk onder beter werkomstandighede.

Die feit dat die arm mense enige sê gehad het, was nogal ’n nuwe ding. Voorheen was die Westerse wêreld verdeel in adellike klasse (die konings en hul familielede) en die proletariaat (diegene wat niks regte gehad nie, nie grond kon besit nie, en maar altyd arm moes bly).

Baie wetenskaplikes, filosowe en skrywers het begin droom van ’n samelewing waar net die wetenskap – nie godsdiens of ou, oorgeërfde tradisies nie – mense se lewens sou help beheer.

Die droom was dat die wetenskap ons sal help om alle oorloë, alle siektes en, uiteindelik, alle armoede uit te skakel.

Mense, en kunstenaars, het dus vreeslik wetenskaplik begin dink en werk.

Kuns, musiek en die letterkunde was moeilik. Die kunstenaars het begin kyk of hulle wetenskaplik kon werk. Hulle wou reëls neerlê en ondersoek. Hulle het al die Griekse legendes en ander klassieke werke begin ontrafel en in hul eie werk ingebou. Dít was ’n poging om by die “wetenskap” van die kuns uit te kom.

Die musiek van die modernisme bevat telkens staccato oomblikke – om die luisteraar te laat luister. (Sien die woorde op meneer Marx se bord in sy klaskamer op bladsy 6.) Die musiek is dan in kort, rukkerige bewegings gespeel, heel anders as die vloeiende legato musiek van die romantiese periode.

Die kuns was vreemd en abstrak – dink aan Picasso se werk.

Een laaste ding oor die moderniste: Hulle was lief daarvoor om goed in boksies te sit en te kategoriseer. Meneer Marx se spottende opnoem van die verskillende vorme van rock op bladsy 9 is nie om dowe neute nie. Hy “moderniseer” die oomblik ’n bietjie.

## Die verandering na postmodernisme

Teen 1950 het die moderne wêreld, met al die wetenskaplike hulpmiddels tot sy beskikking, reeds twee verwoestende wêreldoorloë agter die rug gehad. Die atoombom op Hirosjima was duidelik die begin van ’n wetenskap wat verwoesting kan saai op ’n skaal wat nog nooit tevore aangerig is nie.

Ná die Tweede Wêreldoorlog het die wêreld weer in twee geskeur: Dié keer was dit die kapitalistiese Weste teenoor die Kommunistiese Ooste. Hierdie verdeling van die wêreld het direk bygedra tot die Viëtnamoorlog. Viëtnam het vir oulaas vir die VSA en die res van die Weste gewys dat mense nie eenvoudige, programmeerbare robotte is nie. Nie net het die VSA teen die Viëtnamese se wil in hul land baklei nie, maar die regering moes telkens leuens vertel aan die Amerikaners by die huis.

Verbitterde soldate het van Viëtnam af teruggekeer en het die reëls begin uitdaag.

Stelselmatig is die modernisme, met sy reëls in die wetenskap, bevraagteken. Die reëls is uitgedaag, en die reëls self is later bevraagteken.

Die kuns het ook gereageer.

Die postmodernisme het in ’n mate die spot begin dryf met dít

wat belangrik was in die modernisme. In plaas daarvan om, soos die moderniste, net aan te haal uit die klassieke werke, of uit ander baie belangrike werke, het die postmoderne kunstenaars al hoe meer begin aanhaal uit popliedjies, strokiesprente en ander "alledaagse" literatuur. Die musiek het verskillende style begin meng – juis om weg te beweeg uit die klassifikasies van die modernisme. Nirvana, die bekende groep waarvan die hoofkarakters van *Suurlemoen!* so baie hou, was byvoorbeeld vies toe hul eerste groot trefferalbum, *Nevermind*, te "polished" bekendgestel is – hulle wou hê die klank moes rouer en minder afgerond wees.

Klere het ook aangepas. In die 1980's was dit vir 'n ruk lank mode om frokkies oor T-hemde te dra. Madonna, een van die postmoderne ikone, het haar onderklere oor boklere begin dra. Twee van Nirvana se musikante, Kurt Cobain (hoofkitaarspeler en sanger), asook Dave Grohl (die tromspeler), het selfs by geleentheid met bra's op die verhoog verskyn.

In die letterkunde het die postmodernisme deeglik 'n houvas gekry. Tussen die 1960's en die jaar 2000 was dit 'n groot beweging.

Kenmerke van die postmoderne letterkunde was dat boeke nie meer bloot in reëls onder mekaar geskryf is nie, allerlei bykomstighede is ingeplak om die skrywer se stem te relativeer. Let byvoorbeeld op hoe die Post-It-notatjies, foto's en koerantberigte saampraat in *Suurlemoen!*. Hierdie boek is meer as 'n vertelling, die leser sien dele van die verhaal voor hom afspeel, sien byvoorbeeld bladsye 79 en 32 – daar is ander voorbeelde ook. Kyk ook na die "advertensie" vir Pong-O-Licious op bladsy 103.[1]

Waar die moderniste lyste gemaak het van alles wat hulle kon kategoriseer, maak die postmoderniste lyste van simpel goed om die spot te dryf met die moderniste se lyste. Die lysie op bladsy 50 kan 'n mens nog so effens verstaan, maar die een op bladsy 104 is

---

1 Die titel van die boek is op die voorblad "verkeerd" afgekap. Die korrekte lettergrepe sou wees "Suur-le-moen!" Laat die klas moontlike redes hiervoor bespreek. Trek dit aandag? Pas dit in by die idees van die postmodernisme? Verwys die "plus" en die "minus" wat deur die nie-standaardafkapping teweeggebring word, dalk na elemente in die storie? (Die plus- en minusteken by 'n CD-speler se volumeknopppie? Die positiewe en negatiewe pool van 'n battery, soos met die suurlemoen wat "ingeprop" is om elektrisiteit op te wek? Die positiewe en negatiewe dinge wat die karakters in die storie ervaar?)

werklik sommer laf – maar tipies postmodern! Die een op bladsy 115 is nog ’n mooi voorbeeld van ’n lawwe lysie.

Waar die modernisme dus ernstig was, is die postmodernisme sinies.

Die postmodernisme bevraagteken dus die absolute gesag van die groot meesters, en dryf ’n bietjie die spot daarmee. Dit is hoekom Mozart met lipstiffie aan so tipies postmodern is.

## Postmodernisme en gesag

Meneer Marx se manier van gesag afdwing, is baie meer postmodernisties as dié van die skoolhoof. Die skoolhoof glo sy woord is wet; meneer Marx laat die leerders toe om hul eie kwessies uit werk, maar hy staan hulle by met hulp en raad.

Let op dat meneer Marx nie maar bloot alles aanvaar nie. Hy ontbied byvoorbeeld vir Tiaan en Zane na sy klaskamer nadat Zane die lipstiffie op die beeldjie gesit het en hy laat Suurlemoen! toe om in die leë klaskamer te oefen, mits hulle dit verf. Dit is egter sy postmoderne, minder hiërargiese manier van optree wat maak dat die twee jongelinge begin, en aanhou, met die groep. Diep binne hulle is hulle baie lojaal aan die musiekonnie.

## Die kuns word gemáák in die postmodernisme

Een van die bekende kenmerke van die postmodernisme is dat dit dikwels handel oor die skep van die kunswerk – dikwels terwyl die leser of die kyker besig is om die kunswerk te bewonder.

Die skrywer sal dus skryf oor die skryf van ’n storie en ’n rolprent sal handel oor die maak van ’n rolprent.

Let op hoe *Suurlemoen!* aan die een kant handel oor die maak van lirieke en musiek, en aan die ander kant gaan dit ook oor oor die skryf van tekste.

Die verhaal speel basies voor ons af. Dis nie werklik ’n dagboek dié nie. Blaai na bladsy 78 en 79. Dáár sien ons dagboekinskrywings. *Suurlemoen!* is ’n storie. Dis egter ’n storie wat voor ons oë afspeel. Dis ook ’n storie waarop gekrap is, waarvan die bladsynommers uitgekrap is, wat meeding met Post-It-notas. Kyk ook byvoorbeeld hoe die liedjie op bladsy 156 se woorde langsaan met die hand geskryf is.

Hierdie hele boek is baie duidelik nog teks. Dis soos ’n rofwerkboek.

Dís wat hierdie *stunning* boek so, *like*, *amazing* maak. Die taal is heeltemal, *like*, soos ’n tiener dit sal, wel ... *like*, sê en skryf.

Dit is dus ’n teks in wording. Dis iets wat voor jou oë geskryf en bekrap en uitgekrap word.

***Storiewerf*, November 2008**

***Suurlemoen!***
***Carl Ubbink (Graad 11, Hoërskool Overkruin)***

*Suurlemoen!* is definitief ’n storie spesiaal gemik op die jeug van vandag. Die hele boek is so geskryf en uiteengesit soos wat ’n tiener daarvan sal hou, selfs die grafiese uitleg is vir ’n tiener.

Ek kon myself baie met die boek identifiseer aangesien ek weet hoe dit voel om ’n *band* te begin, net soos Tiaan was ek ook onseker en ek het nie so lekker geweet of dit ’n goeie idee is nie, maar als het op die ou einde reg uitgedraai.

Die skrywer, Jaco Jacobs, is regtig op hoogte van wat “in” is in ’n tiener se lewe. Die musiekgroepe wat hy in die boek noem, Nickelback, Coldplay en Green Day, is vandag van die beroemdste musiekgroepe onder jongmense. Die style van die musiekgroepe pas ook mooi in by die tipe musiek wat die *band* Suurlemoen! wil maak ... rock & roll. Die skrywer het duidelik moeite gedoen met navorsing sodat die boek aan sy teikenmark se vereistes kan voldoen.

Die taalgebruik in die boek is ook tipies soos wat ’n tiener van die moderne era sal praat. Engelse woorde wat so hier en daar bygevoeg word, laat my voel asof ek regtig tussen ’n klomp van my skoolvriende staan wanneer ek die boek lees. Tiaan se gedagtes wat op geel plakkers geskryf is, verleen ook baie meer karakter aan die boek, en elke tiener sal daarmee kan assosieer, want elke jongmens het duisend gedagtes wat deur sy/haar kop vlieg, waarvan 80% van die gedagtes nutteloos is.

My gunstelingdeel van die boek is waar Liezl en Tiaan bymekaar kom om aan die liedjies vir die *band* te werk, toe hulle in die tuin gaan sit het, en die eienaardige gesprek oor ’n tuinkabouter begin het. Dit is vandag regtig so, soos wanneer twee tieners van mekaar hou dan kan hulle oor enige iets praat, selfs oor die onbelangrikste dinge. Ek kan myself net indink wat deur Tiaan se kop gegaan het toe hy en Liezl oor die tuinkabouter begin praat het.

My gunstelingkarakter in die boek is Bongi. Sy vat nie strooi van enige iemand nie en sy is ook nie bang om te sê wat sy wil nie. Sy vat dinge soos dit kom, en dan vat sy dit VAS!!!

Die graadagts van my skool het vanjaar die boek in Afrikaans behandel. Ek het toe bietjie van hulle opinies gaan vra oor die boek, en hier is die kommentaar wat ek terug gekry het.

“Dis ’n flippen *cool* boek!”

“Die boek het my beslis gemotivate om aan te hou met ons *band*!”

“Ek *love* vir Bongi, ek *relate* nogal met haar.”

“Dis ’n baie goeie boek ... net dom dat die geld wat hulle gewen het aan die skool moet gaan.”

Persoonlik het ek die boek baie geniet, en sal enige tiener aanraai om dit te lees. Selfs die ouers kan dit ook gerus lees, dan kry hulle ’n kykie in ’n tiener se wêreld en hoe dit tussen sy vriende en skoolmaats lyk, met sy musiek en net reg mooi in sy habitat.

(http://www.storiewerf.co.za/resenseer/suurlemoen_2.htm)

***JIP*, Januarie 2011**

***Suurlemoen! ’n Liefdesverhaal met ’n suur streep***
**Suzaan Potgieter**

Oor die algemeen word suurlemoene nie as baie belangrik beskou nie, want baie min mense hou immers daarvan. Tog was ’n suurlemoen belangrik genoeg om die naam van die boek deur **Jaco Jacobs** te wees. Jacobs skryf al van sy jong dae af en het op hoërskool die **ATKV se skryfwedstryd** gewen. **Suurlemoen!** is Jacobs se 25ste boek en dit bewys net weer dat hy ’n ou hand is as dit by skryf kom.

Ek dink die boek sal lekker leesstof vir enige tiener wees, seun of meisie, want jeugbands is deesdae volop en baie tieners het al gedroom daarvan om in ’n *band* te wees. Die storielyn bind ’n mens en as jy eers begin, sukkel jy om op te hou lees.

Die storie gaan oor **Tiaan en Zane** wat nog altyd ’n skoolband wou hê en met behulp van die skool se musiekonderwyser, meneer Marx, het hulle dit toe reggekry. Hulle het die mooiste meisie in die skool, Liezl, gekry om vir hulle te sing en vir Bongi, ’n meisie wat skrik vir niks of niemand, om vir hulle dromme te speel. Natuurlik breek hulle toe een van hulle grootste reëls: Moenie op iemand in jou eie *band* verlief raak nie. Daar ontstaan ’n liefdesdriehoek wat amper die *band* opbreek, maar hulle werk deur dit danksy meneer Marx en gaan neem deel aan die **Rumoer-kompetisie vir skool-bands**.

**Suurlemoen! is in tienertaal geskryf** en daar word Engelse woorde, soos *band* en *gigs*, in die boek gebruik asook ’n paar groot Afrikaanse woorde, soos telepatiese en postmo-dernisme, wat darem vir jou iets leer. Dit is baie maklik

om

te lees en te verstaan, so dus is daar geen kopkrapsessies oor die betekenis van sekere woorde nie.

Ek dink dat **Suurlemoen!** ’n boek sal wees wat deur almal geniet kan word. Met die prentjies en illustrasies is dit iets anders en dit voel kompleet of jy deel is van al die pret.

(http://www.jip.co.za/nuus/Suurlemoen-n-Liefdesverhaal-met-n-suur-streep)

***Taalgenoot*, September 2007**

***Suurlemoen!***
**Emilië Rossouw (14, Cullinan Gekombineerde Skool)**

*Suurlemoen!* het een oggend in die vakansie heel toevallig op my skoot beland. Toe ek dit eers opgetel het, kon ek die boek nie weer neersit nie. Dit handel oor drie tieners wat hulle in ’n bykans onmoontlike situasie bevind.

Hoe op aarde wil Zane ’n rockgroep met drie selfgeskrewe liedjies oor vier weke op ’n verhoog hê as die orkes nog nie eers weet watter musiek hulle wil speel of selfs ’n naam het nie? Maar die gesegde sê mos: *“When life hands you lemons, make lemonade!”* Soos die orkes op dreef begin kom, raak Tiaan, Zane, Liezl en Bongi groot vriende, maar daar is ’n kinkel in die kabel in die vorm van ’n liefdesdriehoek. Jaco Jacobs kry dit goed reg om in tipiese tienertaal te skryf. Ouens en meisies sal van hierdie boek hou. Vermaaklik, prettig, interessant en soveel meer, van die skryfstyl tot die uitleg. Rock voort, Suurlemoen!

# Opsomming

Tiaan en Zane is beste vriende met ’n talent vir kitaarspeel. ’n Snaakse sameloop van omstandighede bring hulle in meneer Marx se klas waar die skoolorkes oefen. Iemand noem dat die twee ouens ’n orkes het. Hulle dink nie so nie. Hulle *jam* sommer op twee kitare, maar meneer Marx klink opgewonde en gee vir hulle inskrywingsvorms vir Rumoer, die jaarlikse orkeskompetisie vir hoërskole.

Die oudisie om ’n sanger en ’n tromspeler te kry, loop ’n paar interessante draaie, maar uiteindelik sluit Liezl en Bongi by Tiaan en Zane aan.

Ná ’n paar probeerslae om ’n naam te kry, besluit hulle op Suurlemoen! Zane het sy oog op Liezl en geniet dit om ná die oefeninge saam met haar huis toe te stap. Dan kom Tiaan agter hy stel ook belang in die mooi, slim, snaakse sanger.

Een middag vang Zane vir Tiaan en Liezl uit waar hulle in Tiaan se kamer kuier. Aangesien nie een van die drie meer met mekaar praat nie, breek die groep op – twee dae voor hulle eerste optrede.

Tiaan wil dit nie aanvaar nie en gaan oor tot drastiese aksie. Hy red die groep, die optrede en ... die kompetisie!

# Inhoudelike vrae

## *Hoofstuk 1-5*

1. Die verteller
   1.1. Watter tipe verteller is in hierdie boek aan die woord? Gee ’n rede vir jou antwoord.
   1.2. Wanneer vind die leser uit wie die verteller is?
   1.3. Watter tegniek gebruik die skrywer om die verteller aan die leser bekend te stel?

2. Die leser word in hierdie gedeelte van die boek aan ’n hele paar van die belangrike karakters bekendgestel. Skryf minstens twee sinne oor wat jy van elkeen van die volgende karakters leer in hoofstuk 1 tot 5:
   2.1. Meneer Marx
   2.2. Zane le Roux
   2.3. Frik van Tonder
   2.4. Liezl Kritzinger
   2.5. Tiaan Fourie

3. Hoe lank is Tiaan en Zane al vriende?

4. Hoekom het meneer Marx vir Tiaan en Zane na sy klas toe laat kom ná skool?

5. Hoekom, dink jy, sê meneer Marx dat Tiaan en Zane vir ’n goeie inleiding vir sy les oor die postmodernisme gesorg het?

6. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?
   Gee ’n rede vir jou antwoord.
   *Meneer Marx het vir Tiaan en Zane gestraf.*

7. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?
   Gee ’n rede vir jou antwoord.
   *Frik van Tonder is ’n voorbeeld van ’n stereotipiese karakter.*

8. Gee die Afrikaanse woord vir:
   8.1. *lipstick (p.5)*
   8.2. *calculator (p. 8)*
   8.3. *band (p. 9)*
   8.4. *crowd (p. 11)*
   8.5. *vocalist (p. 13)*
   8.6. *drummer (p. 13)*
   8.7. *impressed (p. 14)*

9. Teken ’n strokiesprent van ten minste vyf raampies om kortliks die gebeure in hoofstuk 1 tot 5 voor te stel.

## *Hoofstuk 6-10*

1. Zane het kennisgewings gemaak om die oudisies te adverteer. Hoekom dink Tiaan dit is die minste wat Zane kan doen?

2. Vul die ontbrekende woorde in:

   *Tiaan en Zane is in die klas waar die skoolorkes oefen en dit voel vir Tiaan of hy in ’n ____________________ is. Gelukkig help ____________________ om die spanning te breek en die oudisies aan die gang te kry. Voordat iemand nog ’n oudisie aflê, stel ____________________ voor die twee vriende speel eers iets. Dit sal vir die res van die groep wys of dit die moeite werd sal wees om in ’n* band *saam met ____________________ te wees. Die oudisies loop nie goed af nie, tot ____________________ kom sing. Toe sy klaar gesing het, bied ____________________ aan om ’n tromoudisie te doen. Dit is ’n groot sukses.*

3. *Die orkeslede brom soos ’n nes vol bye* (p. 30).
   3.1. Benoem die beeldspraak wat hier gebruik word.
   3.2 Is dit ’n geslaagde beeld? Gee ’n rede vir jou antwoord.

4. Lees weer p. 32. Wat kan afgelei word uit Zane se optrede?

5. Wat is ’n Casanova?

6. *Die Gids*
    6.1. Wat is vervat in *Tiaan en Zane se Gids tot Meisies?*
    6.2. Hoe het die gids begin?
    6.3. Wat het gebeur met die laaste meisie op wie Tiaan verlief was?
    6.4. Watter afleiding maak Tiaan nadat hy reël 235 gelees het?

7. Skryf een of twee sinne oor wat jy van elkeen van die volgende karakters leer in hoofstuk 6 tot 10:
    7.1. Liezl
    7.2. Sibongile
    7.3. Frik van Tonder
    7.4. Tiaan
    7.5. Zane

8. Gee die Afrikaanse woord vir:
    8.1. *smile (p.20)*
    8.2. *rap (p. 27)*
    8.3. *chords (p. 29)*
    8.4. *cheer (p. 29)*
    8.5. *song (p. 31)*
    8.6. *stupid (p. 32)*

## *Hoofstuk 11-15*

1. Voltooi die tabel hier onder deur die karakters se name te rangskik van wie die minste entoesiasties is om die band te begin tot wie mees entoesiasties is om die groep te begin.

**Bongi / Tiaan / Zane / Liezl**

| | |
|---|---|
| 1.1. Minder entoesiasties | |
| 1.2. Miskien | |
| 1.3. Entoesiasties | |
| 1.4. Mees entoesiasties | |

2. Maak ’n kopkaart oor die probleme wat die groeplede in die oog staar nog voor hulle die groep begin en hoe hulle oplossings daarvoor probeer vind.

3. Skryf twee sinne oor wat jy van elkeen van die volgende karakters leer in hoofstuk 11 tot 15:
   3.1. Liezl
   3.2. Zane
   3.3 Tiaan
   3.4 Bongi

4. Skryf Liezl se dagboekinskrywing na die groeplede se ontmoeting in Milky Lane.

5. Gee twee sinonieme vir “lawaai”.

6. Waaruit kan die leser aflei dat Bongi ’n uitstekende tromspeler is?

7. Dink jy Tiaan is kreatief?
   Gee ’n rede vir jou antwoord.

8. Verduidelik die woordspeling in “senuweebrakke”.

9. Watter aanduiding is daar dat Zane baie van Liezl hou?

10. Dink jy Liezl hou ook van Zane?
    Gee ’n rede vir jou antwoord.

11. Gee die Afrikaanse woord vir:
    11.1. *milkshake (p. 38)*
    11.2. *garage (p. 39)*
    11.3. *waitress (p. 41)*
    11.4. *comics (p. 45)*
    11.5. *fan (p. 48)*
    11.6. *chat (p. 53)*

## *Hoofstuk 16-20*

1. Hoe verskil Tiaan-hulle se skool van die meeste ander skole?

2. Jy het nou reeds die belangrikste karakters in die boek redelik goed leer ken. Dink jy die karakters is geloofwaardig?
   Gee ’n rede vir jou antwoord.

3. Die groep kan nie meer in Tiaan-hulle se motorhuis oefen nie. Watter oplossing het hulle vir hierdie probleem gevind?

4. Watter aanduiding is daar dat meneer Marx die groep ondersteun?

5. Waaruit kan ons aflei dat meneer Van Schalkwyk ook die groep sal ondersteun?

6. Watter ontdekking maak Liezl wat die groep vir ’n rukkie tussen die harde werk deur groot pret verskaf?

7. Gee twee moontlike redes hoekom Tiaan nie wil hê iets moet tussen Liezl en Zane gebeur nie.

8. Maak ’n opsomming van die groeplede se pogings om ’n liedjie te skryf.

9. Haal ’n woord of uitdrukking uit hoofstuk 20 (*Maak lemonade*) aan wat dieselfde beteken as:
   9.1. die woorde van ’n liedjie
   9.2. gewag
   9.3. deurmekaar

10. Wat sê die spreker in die liedjie deur na homself te verwys as ’n “suurlemoen” en die ander persoon as “suiker”?

11. Gee die Afrikaanse woord vir:
    11.1. *speakers (p. 60)*
    11.2. *tune (p. 67)*

11.3. *embarrassed (p. 68)*
11.4. *weird (p. 69)*

## *Hoofstuk 21-25*

1. Hoekom, dink jy, voel Tiaan skielik depressief?

2. Hoekom reken Tiaan is hy depressief?

3. Haal ’n uitdrukking aan uit hoofstuk 21 (*Net voor ons held in ’n zombie verander ...*) wat dieselfde beteken as “jou naam krater maak”.

4. Wat is Chrome Bunny?

5. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?
   Gee ’n rede vir jou antwoord.
   *Zane is baie opgewonde toe Tiaan hom uitvra oor sy en Liezl se afspraak.*

6. Hoe sluit die naam van die hoofstuk *Fast Forward* aan by die naam van die eerste hoofstuk van die boek wat Tiaan lank gelede uitgeneem het oor hoe om ’n band te begin?

7. Haal een sin uit hoofstuk 24 (*Fast Forward*) aan wat daarop dui dat die groep hul eerste liedjie al baie geoefen het.

8. Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi:
   Suurlemoen se idee vir ’n tweede liedjie is ’n liedjie oor ...
   A) limonade.
   B) suurlemoene.
   C) iemand wat mal raak.
   D) ’n tuinkabouter.

9. Hoekom kom net Tiaan en Liezl by Liezl se huis bymekaar om aan idees vir nog ’n liedjie te werk?

10. Watter aanduiding is daar op p. 80 dat Tiaan baie van fotografie hou?

11. Waaruit kan ons aflei dat nie Tiaan of Liezl se ouers juis ingenome is met die idee dat hul kinders in die groep is nie?

12. Gee die Afrikaanse woord vir:
    12.1. *Come on (p. 72)*
    12.2. *lemonade (p. 73)*
    12.3. *depressed (p. 73)*
    12.4. *boring (p. 78)*
    12.5. *exciting (p. 81)*

## *Hoofstuk 26-30*

1. Rangskik die gebeure in hierdie gedeelte van die boek in die regte volgorde:
    A) Tiaan loop vir Frik van Tonder by die snoepie raak en Frik soek skoor met hom oor die groep.
    B) Liezl red die groep se nuwe liedjie, *Van my kop af,* nadat almal al benoud begin raak het daaroor. Sy het met haar viool geoefen en die perfekte brug gekry vir die liedjie.
    C) Suurlemoen! maak 'n opname van *Maak Lemonade*.
    D) Meneer Marx lees vir die groep 'n faks wat die skool van die organiseerders van die Rumoer-kompetisie ontvang het vir Suurlemoen!
    E) Liezl bel vir Tiaan. Sy het 'n idee vir 'n plakkaat om hul eerste optrede te adverteer en wil kom kuier.
    F) Bongi sit vir Frik op sy plek.
    G) Suurlemoen! kry 'n datum vir sy eerste optrede.

2. Bespreek kortliks hoe die skrywer tydsverloop in hoofstuk 26 *(Girls only*) aandui.

3. Hoekom, dink jy, noem Bongi vir Frik "Frikkie"?

4. Hoekom, dink jy, kry Tiaan vir Frik jammer (p. 86)?

5. Meneer Marx wil die groep ná skool in die musiekklas sien.
    5.1. Watter nuus het hy vir die groep?

5.2 Hoekom het Suurlemoen! nie ondersteuners om saam te vat na die Rumoer-kompetisie se uitdunronde nie?
5.3 Watter voorstel maak meneer Marx om hierdie probleem op te los?

6. Haal een woord op p. 87 aan wat dieselfde beteken as “eerste optrede”.

7. Waaroor bel Liezl vir Tiaan?

8. Hoekom soek Tiaan ’n skinkbord?

9. Sou ’n mens kon sê dat daar spanning begin opbou in hoofstuk 28 (*Elektrisiteit*)?
   Gee ’n rede vir jou antwoord.

10. Meneer Marx stel voor dat die groep voor hul optrede hulself opneem op band sodat hulle kan hoor hoe hulle klink. Maak ’n opsomming in tabelvorm van elkeen van die groeplede se reaksie nadat hulle na die bandopname van *Maak lemonade* geluister het.

11. Gee die Afrikaanse woord vir:
    11.1. *girls only (p. 84)*
    11.2. *record (p. 95)*
    11.3. *nervous (p.95)*

## *Hoofstuk 31-35*

1. Dink jy dit is goed dat die skool nie toelaat dat Psycho Bob en Willem Eminem se musiek by die skool speel nie?
   Gee ’n rede vir jou antwoord.

2. *Liezl kom na ons toe aangestap. “Hallusineer ek of het Frik van Tonder nou net met julle gesels?”*
   2.1. Wat beteken “hallusineer”?
   2.2. Voltooi die stelling deur die korrekte antwoord te kies: *Liezl se stemtoon wanneer sy hierdie vraag vra, is heel waarskynlik ...*

A) vrolik.
B) hartseer.
C) opgewonde.
D) sarkasties.

2.3. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?
Gee ’n rede vir jou antwoord.
*Liezl is verbaas dat Frik van Tonder met haar vriende gesels het.*

3. Tiaan het die vorige dag die oefenkamer se sleutel vir Zane gegee sodat hy die oggend voor skool sy kitaar kon terugsit. Skryf ’n kort paragraaf oor die gevolge hiervan.

4. Hoekom dink Bongi het Frik vir Suurlemoen! ’n guns gedoen?

5. Watter rede gee Tiaan aan Liezl vir sy oproep?

6. Wat, dink jy, is die eintlike rede hoekom hy haar bel?

7. Wat word ’n uitdrukking soos “Suurlemoen-T” genoem?

8. Sou jy ook soos Zane optree in hoofstuk 35 *(Great)*?
Gee ’n rede vir jou antwoord.

9. Wat, dink jy, gaan hierna gebeur?

10. Maak ’n tydlyn van Zane en Liezl se “verhouding”. Lewer kommentaar oor Liezl se optrede teenoor Zane.

11. Gee die Afrikaans vir:
    11.1. *shut up (p. 104)*
    11.2. *psycho (p.107)*
    11.3. *T-shirts (p. 108)*
    11.4. *popcorn (p. 111)*
    11.5. *amazing (p. 112)*

## *Hoofstuk 36-40*

1. Dink jy *Stilstuipe* is 'n goeie titel vir hoofstuk 36?
   Gee 'n rede vir jou antwoord.

2. Hoekom het Tiaan so baie vir Zane gebel die vorige aand?

3. Haal 'n uitdrukking op p. 113 aan wat dieselfde beteken as om alleen te wees en jouself jammer te kry.

4. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?
   Gee 'n rede vir jou antwoord.
   *Liezl praat nie met Tiaan nie, want sy is kwaad vir hom.*

5. Bongi stel voor dat hulle die middag se oefening kanselleer en reël dat hulle die Saterdagoggend oefen. Vertel kortliks in jou eie woorde hoe die oefening verloop.

6. *Dis die oomblik wanneer jy die race verloor. Dis presies hoe ek nou voel.*
   6.1. Waarmee vergelyk Tiaan sy gevoelens op die oomblik toe die oefening verby is?
   6.2. Watter afleidings kan die leser uit sy vergelyking maak?

7. Waarna verwys die titel van hoofstuk 38 *(Uitgeplug)*?

8. Hoekom is die groeplede so verbaas ná meneer Marx hulle tydens pouse gespreek het?

9. Watter oplossing, dink jy, is daar vir die konflik wat die karakters in hierdie gedeelte van die boek ondervind?

10. Gee die Afrikaanse woord vir:
    10.1. *obvious (p. 113)*
    10.2. *race (p. 118)*
    10.3. *fight (p. 120)*
    10.4. *split (p. 122)*
    10.5. *genuine (p.122)*

10.6. *fun (p. 123)*

## *Hoofstuk 41-45*

1. *Dis asof ek bang is die res van die skool kan op 'n manier sien wat in my kop aangaan.*
   1.1. Hoekom is Tiaan bang die res van die skool kan sien wat in sy kop aangaan?
   1.2. Hoekom, dink jy, probeer hy om nie te dink aan wat hy besig is om te doen nie?

2. Vul die ontbrekende woorde in:

   *Tiaan hou die twee aanbieders van die skool se radiostasie, ____________________, gyselaar tydens hul uitsending. Hy wil hê ____________________ moet daardie aand vir oulaas speel. Hy vra dat Liezl, Bongi en Zane hul antwoorde op briefies skryf en in die stembus by die radiostasie kom gooi. Teen die einde van die ____________________ het hy nog nie pos gekry nie. Hy en die twee aanbieders bly net waar hulle is. ____________________ kom klop aan die deur en dan kom ____________________. Hy het die hoof oortuig om nie vir Tiaan te straf as hy dadelik uitkom nie. Meneer Marx gee ook vir Tiaan sy pos: Al drie die ander sê ja vir die optrede. ____________________ neem die mikrofoon en sê vir die skool hy sien hulle daardie aand by die optrede.*

3. Haal 'n uitdrukking op p. 133 aan wat beteken om senuweeagtig te wees.

4. Wie is die seremoniemeesters by die konsert?

5. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?
   Gee 'n rede vir jou antwoord.
   *Suurlemoen! se eerste optrede was 'n antiklimaks.*

6. Hoekom is die stilte vir Tiaan "stunning" (p. 138)?

7. Haal ’n uitdrukking op p. 139 aan wat beteken om verbaas te wees.

8. Hoekom is Tiaan se gesig aan die brand nadat hy vir Liezl gesê het hy hou van haar?

9. Wat is die hoogtepunt in hierdie gedeelte van die boek?

10. Teken ’n strokiesprent van ten minste vyf raampies om kortliks die gebeure in hoofstuk 41 tot 45 voor te stel.

11. Gee die Afrikaanse woord vir:
    11.1. *unfair (p. 125)*
    11.2. *hijack (p. 129)*
    11.3. *show (p. 137)*
    11.4. *love story (p. 138)*

## *Hoofstuk 46-52*

1. Verduidelik Tiaan se nota op die Post-It-plakker op p. 145.

2. Hoekom is Tiaan verbaas om vir Zane te sien (p. 146)?

3. Hoe weet Tiaan Zane het hom vergewe?

4. Haal ’n uitdrukking uit hoofstuk 27 *(#241)* aan wat beteken om verlig te voel.

5. Wanneer en hoe kry Bongi uiteindelik vir Frik van Tonder terug vir sy geterg en geboelie?

6. Watter tegniek gebruik die skrywer om die leser in te lig dat Suurlemoen! deurgedring het na die finaal van die Rumoer-kompetisie?

7. *Daar is vier ander bands in die finaal.* Hoekom dink almal die groep van die Kaap is goed?

8. Wat is MK (p. 151)?

9. Watter goeie nuus deel meneer Marx met die groep net voor hulle moet optree?

10. Wat loop alles verkeerd met die optrede van Suurlemoen! se eerste liedjie?

11. Hoe word die spanning deur die loop van die verhaal opgebou? Waar is die hoogtepunt/klimaks van die verhaal?

12. Lewer kommentaar oor die formaat van die laaste hoofstuk van die boek.

13. Wat, dink jy, het ná die slot gebeur?

# Antwoorde

## *Hoofstuk 1-5*

1. Die verteller
   - 1.1. Ons kan van die begin van die boek reeds aflei dat 'n ek-verteller/eerstepersoonsverteller aan die woord is deur die gebruik van die woord "ek".
   - 1.2. Die leser word eers in hoofstuk 5 aan die verteller (ook die hoofkarakter), Tiaan, bekend gestel.
   - 1.3. Tiaan het 'n kamera vir sy verjaardag gekry en die foto's wat hy neem, verskyn ook in die boek, o.a. 'n paar foto's wat hy van homself geneem het. Hy dink die foto's is heel kunstig en dat dit uitgestal kan word met 'n byskrif soos: Tiaan Fourie, 'n selfportret in twintig dele.

2. Karakters
   - 2.1. Meneer Marx
     - Meneer Marx is die musiekonderwyser.
     - Een van die skool se legendes is hoe meneer Marx en juffrou Pienaar een aand gesoen het toe hulle moes toesig hou by 'n skoolsokkie.
     - Hy het deurmekaar hare, omtrent soos Beethoven s'n.
   - 2.2. Zane le Roux
     - Zane is 'n moeilikheidmagneet.
     - Hy het 'n ogie op Liezl.
     - Zane speel kitaar.
     - Zane het baie selfvertroue.
     - "Die meeste normale mense kan 'n slegte idee ignoreer as dit in hulle koppe kom. Zane val ongelukkig nie in hierdie kategorie nie."
   - 2.3. Frik van Tonder
     - Frik is die eerste rugbyspan se heelagter.
     - Hy speel in die skoolorkes.
     - Hy sê vir meneer Marx dat Tiaan en Zane in 'n *band* speel.
   - 2.4. Liezl Kritzinger
     - Tiaan dink Liezl is die mooiste meisie in graad tien.

- Sy speel viool in die skoolorkes.

2.5. Tiaan Fourie

- Tiaan is die verteller in die boek.
- Tiaan is 16 jaar oud.
- Hy is enkellopend.
- Hy het ’n digitale kamera vir sy verjaardag gekry.

3. Sedert graad drie. Hulle is nou in graad tien, so hulle is al meer as sewe jaar lank vriende.

4. Juffrou Pienaar het Tiaan gevra om ’n koevert vir meneer Marx te gaan gee. Hy was nie in sy klas nie, maar stap toe net daar in toe Zane lipstiffie op sy Mozart-beeldjie smeer.

5. Volgens Liezl lewer die postmodernisme kommentaar op ouer kuns. Die Mozart-beeldjie met die rooi lipstiffiemond is ’n postmodernistiese stelling, want dit weerspieël Zane se opinie dat Mozart ’n “vaal musiek-outjie” was en dat klassieke musiek vervelig en outyds is.

6. ONWAAR.
   Die leser verwag dat meneer Marx vir Tiaan en Zane sal straf oor hulle gepeuter het met sy Mozart-beeldjie, maar uiteindelik gee hy net vir hulle inligting oor die Rumoer-kompetisie en bied aan dat hulle oudisies vir ’n sanger en tromspeler vir hulle *band* in die klas langs die musiekkamer kan hou. Tiaan voel egter hulle het hul naam krater gemaak voor die skoolorkeslede.

7. ONWAAR.
   Die stereotipiese eerstespan-rugbyspeler speel nie gewoonlik in die skool se orkes nie.

8. Gee die Afrikaanse woord vir:
   8.1. *lipstick* - lipstiffie
   8.2. *calculator* - sakrekenaar
   8.3. *band* - orkes
   8.4. *crowd* - gehoor
   8.5. *vocalist* - sanger

8.6. *drummer* - tromspeler
8.7. *impressed* - beïndruk

9. Strokiesprent.

## *Hoofstuk 6-10*

1. Dit was Zane se idee om die oudisies te hou.

2. *Tiaan en Zane is in die klas waar die skoolorkes oefen en dit voel vir Tiaan of hy in 'n* ***nagmerrie*** is. Gelukkig help ***meneer Marx*** *om die spanning te breek en die oudisies aan die gang te kry. Voordat iemand nog 'n oudisie aflê, stel* ***Liezl Kritzinger*** *voor die twee vriende speel eers iets. Dit sal vir die res van die groep wys of dit die moeite werd sal wees om in 'n* band *saam met* ***Tiaan en Zane*** *te wees. Die oudisies loop nie goed af nie, tot* ***Liezl*** *kom sing. Toe sy klaar gesing het, bied* ***Sibongile*** *aan om 'n trom-oudisie te doen. Dit is 'n groot sukses.*

3. *Die orkeslede brom soos 'n nes vol bye* (p. 30).
   3.1. Vergelyking
   3.2. Ja. Die orkeslede is uit die veld geslaan deur die nuwe meisie, Sibongile, se tromoudisie. Hulle opgewonde, onderlangse gefluister klink soos die gezoem van 'n klomp bye bymekaar.

4. Hy is desperaat om Liezl in hulle *band* te hê, heel moontlik omdat hy 'n ogie op haar het en 'n verskoning soek om naby haar te wees.

5. Iemand word 'n Casanova genoem as hy weet hoe om klomp meisies te verlei. Giacomo Casanova (2 April 1725 – 4 Junie 1798) was 'n avonturier en outeur. Sy outobiografie, *Histoire de ma vie of Die storie van my lewe*, bevat grafiese vertellings van die groot aantal vroue wat hy verlei het.

6. *Die Gids*
   6.1. Alles wat Tiaan en Zane oor meisies weet.
   6.2. Zane het 'n liefdesteleurstelling gehad.

6.3. Sy het vir hom die verkeerde nommer gegee toe hulle selfoonnommers uitgeruil het.
6.4. Die rede hoekom Zane so gretig is om ’n *band* te begin, is omdat hy glo meisies hou van ouens in rockgroepe.

7. Karakters
   7.1. Liezl
      - Liezl het ’n ongelooflike stem.
   7.2. Sibongile
      - Sibongile is nuut in die skool.
      - Haar noemnaam is Bongi.
      - Sy speel tromme.
      - Sy sit vir Frik van Tonder op sy plek.
      - Zane sê hy het lanklaas so “bossy” (baasspelerige) meisie soos sy gesien.
   7.3. Frik van Tonder
      - Hy speel tjello in die skoolorkes.
      - Hy het ’n irriterende laggie en al het sy stem lankal gebreek, giggel hy nog steeds soos ’n sewejarige meisie.
   7.4. Tiaan
      - Tiaan speel elektriese kitaar.
   7.5 Zane
      - Zane speel baskitaar.
      - Hy raak gou verlief op ’n meisie.
      - Hy sal partykeer enigiets doen om ’n meisie te kry.

8. Gee die Afrikaanse woord vir:
   8.1. *smile* – glimlag
   8.2. *rap* – kletsrym
   8.3. *chord* – akkoord
   8.4. *cheer* – toejuig
   8.5. *song* – liedjie
   8.6. *stupid* – simpel

## *Hoofstuk 11- 15*

1. Tabel

| | |
|---|---|
| 1.1. Minder entoesiasties | **Liezl** het in die eerste plek onder protes die oudisie gedoen. Sy dink sy gaan nie genoeg tyd hê om te oefen nie. Sy stem in om vir ’n proeftydperk by die groep aan te sluit. |
| 1.2. Miskien | **Bongi** weet ook nog nie of sy in die groep wil wees nie. Die groep het nog nie ’n naam en plek om te oefen nie en hulle weet nog nie watter tipe musiek hulle wil maak nie. Sy is bereid om vir ’n maand lank by die groep aan te sluit en dan finaal te besluit. |
| 1.3. Entoesiasties | **Tiaan** het sy hand opgesteek toe Bongi vra wie nog vir ’n proeftydperk by die groep wil aansluit. Hy kom op die naam Suurlemoen! vir die groep en kry idees vir hulle biografie. Hy probeer om ’n liedjie te skryf. Hy stuur die inskrywingsvorm vir die Rumoer-kompetisie in. Hy sê dalk nie so nie, maar dit lyk asof Tiaan eintlik meer entoesiasties is oor die groep as Zane. Zane is entoesiasties om ander redes (meisies). |
| 1.4. Mees entoesiasties | **Zane** is op die oog af mees entoesiasties oor die groep. Hy het heel eerste sy hand opgesteek toe Bongi vra wie nog vir ’n proeftydperk by die groep wil aansluit. As dit nie vir Zane was nie, het hulle nooit die oudisies vir die groep gehad nie. Zane dink meisies hou van ouens in rockgroepe en hy sal enigiets doen om ’n meisie se aandag te kry. |

2. Die kopkaart moet die volgende inligting bevat:

Probleem: Die Rumoer-kompetisie is oor minder as twee maande en ...

- Almal weet nog nie of hulle in die groep wil wees nie. Hulle tref egter ’n kompromis: Almal sluit vir ’n proeftydperk (’n maand) aan by die groep en dan besluit hulle ná ’n maand of dit gaan werk of nie.

- Die groep het nog nie ’n naam nie. Tiaan, Zane en Liezl gee voorstelle vir name, maar niks waarvan almal hou nie. Dan lees Bongi op ’n suikerpakkie die uitdrukking “If life keeps handing you lemons, make lemonade”. Tiaan stel voor “Suurlemoen!” moet die naam van die groep wees.
- Hulle het nie ’n plek om te oefen nie. Hulle besluit om in Tiaan-hulle se motorhuis te oefen en hoop maar dat sy ouers nie ’n probleem daarmee gaan hê nie.
- Hulle het nog nie een liedjie nie. Ná hul eerste oefening sit Tiaan in sy kamer en probeer ’n liedjie skryf. Hy besef dis nie so maklik as wat hy gedink het dit gaan wees nie. Hy vind egter inspirasie toe hy die suurlemoene in die groente-mandjie in die kombuis sien en besluit om ’n liedjie oor suurlemoene te probeer skryf.
- Hulle kan nie meer in Tiaan-hulle se motorhuis oefen nie. Wat, dink jy, is ’n moontlike oplossing vir hierdie probleem?

3. Karakters
   3.1. Liezl
   - Liezl is 16 jaar oud.
   - Sy hou van musiek, lees, hokkie, atletiek en perdry.

   3.2. Zane
   - Zane is 16½ jaar oud. Hy is die oudste lid van die groep.
   - Hy hou van fliek, kitaarspeel en meisies.
   - Hy beskryf homself as romanties, snaaks, blond, goed gebou en enkellopend (dit lyk asof hy sy biografie gebruik om homself te adverteer om ’n meisie te ontmoet).
   - Hy hou van handelsmerke (Levi’s).

   3.3. Tiaan
   - Tiaan versamel strokiesprente en hy hou daarvan om te gaan fliek, rekenaarspeletjies te speel, na musiek te luister en foto’s te neem.
   - Hy het bruin hare en groen oë.
   - Hy kan nie dans nie.
   - Hy het ’n sin vir humor.

   3.4. Bongi
   - Bongi is 15¾ jaar oud. Sy is die jongste lid van die groep.
   - Haar van is Kganare

- Sy vat nie nonsens nie.
- Sy is ’n uitstekende tromspeler.

4. Dagboekinskrywing.

5. Rumoer, geraas.

6. Bongi het twee van die liedjies wat die groep gespeel het glad nie vooraf geken nie, maar hulle het dit net twee keer op die CD-speler geluister voor sy kon begin saamspeel.

7. Eie opinie.

8. “Senuweebrakke” is ’n woordspeling op die woord senuwee-wrakke. Die honde (’n ander woord vir brakke) het ’n senuwee-ineenstorting gehad en daar word na hulle verwys as “senuweebrakke”.

9. Toe Liezl op pad is huis toe, bied Zane aan om saam met haar te stap omdat hulle “min of meer in dieselfde rigting bly”. In werklikheid bly hulle glad nie in dieselfde rigting nie, hy wil net saam met haar stap. Party ouens sal sê dat hulle ’n meisie wil uitvra en dan sukkel hulle weke lank om dit te doen, maar Zane vra haar dadelik.

10. Eie opinie, bv:
    *Ja*, sy het nie nee gesê toe hy haar vra om te gaan fliek nie.
    *Nee*, sy het nie nee gesê toe hy haar vra om te gaan fliek nie, maar wel ’n verskoning opgemaak sodat sy nie saam met hom hoef te gaan nie.

11. Gee die Afrikaanse woord vir:
    11.1. *milkshake* – melkskommel
    11.2. *garage* – motorhuis
    11.3. *waitress* – kelnerin
    11.4. *comics* – strokiesprente
    11.5. *fan* – waaier
    11.6. *chat* – gesels

## *Hoofstuk 16-20*

1. Hul skool het ’n radiostasie.

2. Eie opinie.

3. Bongi het aangebied dat hulle die leë klaskamer langs meneer Marx se klas sal skoonmaak en verf in ruil daarvoor dat hulle dit as oefenplek kan gebruik.

4. Hy sê hulle moet hom nooi om te kom kyk hoe hulle oefen, dan sal hy kommentaar en raad gee.

5. Daar is ’n groot geldprys vir die wenners van die Rumoer-kompetisie se skool.

6. Liezl kom af op ou plate en ’n platespeler. Die groep het groot pret deur saam met die plate te sing en dans.

7. Hy begin moontlik ook in Liezl belangstel. / Hy sê mens moenie uitgaan met iemand wat in dieselfde *band* as jy is nie, veral nie as jy so gou soos Zane op meisies verlief raak en net so gou weer met hulle uitmaak nie. Hy is bang dit sal die einde van hul groep beteken.

8. Liezl het probeer om ’n liedjie te skryf, maar alles het vir haar simpel gevoel. Zane sê hy kan wysies speel, maar nie liedjies skryf nie (hy het net nege uit twintig gekry vir ’n opstel wat hy geskryf het). Bongi kon ook met niks vorendag kom nie. Tiaan is nie baie opgewonde om sy idees te deel nie, maar toe hy vir die ander sy pogings wys, hou hulle baie daarvan.

9. Woordeskat
   9.1. lirieke
   9.2. gehang aan my tak
   9.3. deur die blare

10. Die twee is teenoorgesteldes wat saam iets lekkers kan maak.

11. Gee die Afrikaanse woord vir:
    - 11.1. *speakers* – luidsprekers
    - 11.2. *tune* – deuntjie
    - 11.3. *embarrassed* – verleë
    - 11.4. *weird* – vreemd

## *Hoofstuk 21-25*

1. Hy is waarskynlik jaloers omdat Zane en Liezl gaan fliek.

2. Hy dink nie hy het ’n rede om depressief te voel nie, daarom dink hy dat hy dalk aan ’n afwyking ly wat veroorsaak dat hy outomaties depressief raak as hy aan warm water en stortseep blootgestel word. Hy dink ook daaraan dat die tromslae en kitaarakkoorde waarna hy die hele middag geluister het, of die verfwalms, die oorsaak kan wees.

3. “jou naam met ’n plank moker”

4. Zane vind uit meneer Marx was jare gelede in ’n beroemde rockgroep met die naam Chrome Bunny.

5. ONWAAR.
   Liezl het ’n chick-fliek gekies en hy was nie mal daaroor nie. Hulle het ook nie hande vasgehou of gesoen soos hy gehoop het nie.

6. Tiaan besef nou wat die skrywers van die boek bedoel het toe hulle die naam van die eerste hoofstuk in die boek gekies het: *Beware: Being in a rock band can be dead boring.* Hy dink nie die afgelope week was juis opwindend nie, en gee ’n Fast Forward-weergawe van hoe die groep geoefen het, ens.

7. “Kan *Maak Lemonade* al in my slaap speel.”

8. C) iemand wat mal raak.

9. Zane kuier by sy ouma-hulle en Bongi moet in die kerk se orkes speel, so hulle kan nie saam dinkskrum hou nie.

10. Tiaan dra altyd sy rugsak saam met hom. Volgens hom moet jy altyd jou kamera byderhand hê as jy mooi foto's wil kry.

11. Tiaan sê wanneer sy ma vra of hulle die heeldag musiek geoefen het klink haar stemtoon of sy vra: "Het julle die hele dag dagga gerook?" Ons kan aflei Tiaan se ma hou nie daarvan dat hy so baie tyd aan die groep spandeer nie. Liezl jok vir haar ouers oor die groep en sê sy en Tiaan doen huiswerk terwyl hulle eintlik beplan het om idees vir nuwe liedjies vir die groep te bespreek.

12. Gee die Afrikaanse woord vir:
    - 12.1. *Come on – Komaan*
    - 12.2. *lemonade* – limonade
    - 12.3. *depressed* – depressief
    - 12.4. *boring* – vervelig
    - 12.5. *exciting* – opwindend

## *Hoofstuk 26-30*

1. B, A, F, D, G, E, C

2. Op p. 38 is daar net minder as twee maande oor voor die Rumoer-kompetisie. Op p. 84 word die leser ingelig dat die groep al amper drie weke bymekaar is.

3. Eie opinie, bv. Bongi gebruik die verkleiningsvorm van Frik se naam ("Frikkie") om hom te verkleineer en om te wys sy is nie bang vir hom nie.

4. Eie opinie, bv. Frik hou hom grootmeneer, maar word vinnig op sy plek gesit deur 'n meisie.

5. Meneer Marx wil die groep ná skool in die musiekklas sien.
    - 5.1. Die skool het 'n faks ontvang vir Suurlemoen! van die organiseerders van die Rumoer-kompetisie.

5.2. Niemand het hulle nog hoor speel nie.
5.3. Hy stel voor dat hulle ten minste een keer voor ’n gehoor speel voor die kompetisie en dat hulle dit Maandag oor ’n week by die skool doen voor die dramagroep se optrede.

6. debuut

7. Sy het ’n goeie idee vir ’n plakkaat vir hul optrede by die skool en wil dit met hom kom bespreek.

8. Hy probeer Liezl beïndruk.

9. Ja, dit begin duidelik raak dat Tiaan en Zane albei van Liezl hou. Sal die liefdesdriehoek hul vriendskap en/of die voortbestaan van die groep beïnvloed?

10. Tabel

| | |
|---|---|
| Bongi | Sy sê sy het die ritme op ’n plek opgemors. Haar reaksie is negatief. |
| Liezl | Sy sê Bongi was goed, maar dat sy haar woorde ingesluk het op die tweede koorgedeelte. |
| Zane | Hy klink opgewonde en dink dit het goed geklink. Hy wil weer daarna luister. |
| Tiaan | Hy praat Liezl moed in en stel voor hulle doen iets meer opwindends met die kitare aan die einde van die liedjie. |

11. Gee die Afrikaanse woord vir:
11.1. *girls only* – slegs meisies
11.2. *record* – opneem
11.3. *nervous* – senuweeagtig

## *Hoofstuk 31-35*

1. Eie antwoord, bv. Ja, Eminem gebruik baie vloekwoorde in sy lirieke en skoolkinders behoort nie daarna te luister nie.

2. *Liezl kom na ons toe aangestap. “Hallusineer ek of het Frik van Tonder nou net met julle gesels?”*
   2.1. Iemand wat hallusineer sien goed wat nie werklik daar is nie.
   2.2. D
   2.3. WAAR.
   Frik is nie een van hul vriende nie en hulle meng nie met hom nie. Die laaste keer wat daar enige interaksie tussen hulle was, het Bongi hom voor sy vriende verkleineer.

3. Zane het nie die oefenkamer gesluit nadat hy sy kitaar gaan bêre het nie. Frik kon toe maklik ingaan en die bandopname van *Maak lemonade* kry en vir Psycho Bob en Willem gee. Hulle speel dit oor die skool se radiostasie en ’n paar leerders lag en spot die groep. Frik se plan was om die groep in die verleentheid te stel, maar iemand in die seunsbadkamer neurie die liedjie en nie lank daarna nie is *Maak lemonade* nommer een op die topdrie.

4. Frik het hulle in die verleentheid probeer stel, maar nou hou almal van die musiek en het vir hul liedjie gestem nadat hulle die liedjie op die radiostasie gehoor het.

5. Hy sê hy het ’n idee gekry dat hulle T-hemde moet maak met die groep se naam op. Hy het al ’n paar goed op sy rekenaar ontwerp en nooi haar oor om te kom kyk.

6. Hy soek ’n verskoning om alleen tyd saam met haar te spandeer.

7. Dit is woordspeling.

8. Eie opinie, bv: Ja, ek sou ook seergemaak voel as my beste vriend agter my rug ogies maak vir die meisie van wie ek hou.

9. Eie opinie.

10. Tydlyn

| | |
|---|---|
| Hoofstuk 5: | Zane is baie opgewonde, want hy dink Liezl het vir hom geglimlag. |
| Hoofstuk 9: | Zane smeek Liezl om deel van die groep te wees. |

| | |
|---|---|
| Hoofstuk 13: | Zane maak asof hy in dieselfde rigting as Liezl bly om saam met haar huis toe te stap. |
| Hoofstuk 15: | Zane het Liezl gevra om saam met hom te gaan fliek. Sy het darem nie nee gesê nie, maar sy het ook nie ja gesê nie. |
| Hoofstuk 18: | Zane vertel vir Tiaan dat hy mal is oor Liezl. |
| Hoofstuk 19: | Zane glimlag tevrede toe Liezl haar arm om hom sit, maar sy smeer spelerig ’n swart verfblerts oor sy neus. |
| Hoofstuk 21: | Zane het Liezl weer gevra om saam met hom te gaan fliek en sy het ingestem. |
| Hoofstuk 28: | Zane en Liezl daag saam by Tiaan se huis op. |
| Hoofstuk 35: | Zane en Liezl het ’n afspraak gehad om te gaan koeldrank drink, maar sy laat weet dat sy iets anders aan die gang het toe sy eerder na Tiaan se huis wou gaan. Liezl en Tiaan sit styf langs mekaar voor die rekenaarskerm en Zane kom daar aan net toe Liezl vir Tiaan sê hy is “amazing”. |

Dit is baie duidelik dat Zane baie van Liezl hou, maar sy maak dit nie aan hom duidelik dat sy nie belang stel nie. Dit is nie regverdig teenoor Zane nie, veral omdat sy hou van sy beste vriend. Sy moes eerder van die begin af reguit en eerlik met hom gewees het.

11. Gee die Afrikaans vir:
    - 11.1. *shut up* – bly stil
    - 11.2. *psycho* – psigopaat
    - 11.3. *T-shirts* – T-hemde
    - 11.4. *popcorn* – springmielies
    - 11.5. *amazing* – wonderlik

## *Hoofstuk 36-40*

1. Ja. Stilstuipe is wanneer jy doelbewus nie met iemand praat nie omdat jy kwaad is of seergemaak voel. Zane is kwaad vir Tiaan en Liezl en praat nie met hulle nie.

2. Tiaan wil vir Zane verduidelik wat aangaan en vrede maak, maar Zane wil nie met hom praat nie.

3. “om my wonde in die mediasentrum te gaan lek”

4. ONWAAR.
   Sy voel skuldig omdat sy dink dat sy dalk tussen Zane en Tiaan se vriendskap gekom het. Sy weet nie hoe om die situasie te hanteer nie.

5. Die atmosfeer by die oefening is erg gespanne. Toe Bongi voorstelle vra vir twee bekende liedjies wat hulle kan speel, stel Zane voor hulle sing die ou Anneli van Rooyen-treffer *Soos ou vriende doen*. Hierna loop Liezl, en Bongi roep vergeefs agter haar aan.

6. *Dis die oomblik wanneer jy die race verloor. Dis presies hoe ek nou voel.*
   6.1. Hy voel soos in die agthonderdmeter as die sterker, vinniger atlete begin wegbreek van die groep en sy bene lam raak. Dis wanneer hy besef hy gaan die wedloop verloor.
   6.2. Hy voel hy het Zane en Liezl se vriendskap verloor en heel moontlik ook die groep.

7. Dit verwys na die plakkate wat hulle opgesit het by die skool met die suurlemoen met die elektriese draad. Die suurlemoen is nou uitgeprop. Dit is simbolies vir die groep wat nie meer bestaan nie.

8. Hulle het verwag dat hy vir hulle gaan preek of ’n verduideliking wil hê oor hoekom hulle opgebreek het.

9. Eie antwoord.

10. Gee die Afrikaanse woord vir:
    10.1. *obvious* – vanselfsprekend
    10.2. *race* – resies
    10.3. *fight* – bakleiery
    10.4. *split* – opbreek
    10.5. *genuine* – regtig
    10.6. *fun* – pret

## *Hoofstuk 41-45*

1. *Dis asof ek bang is die res van die skool kan op ’n manier sien wat in my kop aangaan.*
   1.1. Hy het ’n mal idee en hy is bang mense vind uit daarvan voordat hy dit kan uitvoer. Hy wil nie hê die ander mense in die skool moet dink hy is mal nie.
   1.2. Hy is nie regtig mal nie, maar sy plan is mal. As hy te veel dink aan wat hy beplan, gaan hy dit nie doen nie.

2. *Tiaan hou die twee aanbieders van die skool se radiostasie,* ***Psycho Bob en Willem,*** *gyselaar tydens hul uitsending. Hy wil hê* ***Suurlemoen!*** *moet daardie aand vir oulaas speel. Hy vra dat Liezl, Bongi en Zane hul antwoorde op briefies skryf en in die stembus by die radiostasie kom gooi. Teen die einde van die* ***pouse*** *het hy nog nie pos gekry nie. Hy en die twee aanbieders bly net waar hulle is.* ***Die skoolhoof / Meneer van Schalkwyk*** *kom klop aan die deur en dan kom* ***meneer Marx.*** *Hy het die hoof oortuig om nie vir Tiaan te straf as hy dadelik uitkom nie. Meneer Marx gee ook vir Tiaan sy pos: Al drie die ander sê ja vir die optrede.* ***Tiaan*** *neem die mikrofoon en sê vir die skool hy sien hulle daardie aand by die optrede.*

3. “skoenlappers in my maag”

4. Psycho Bob en Willem

5. ONWAAR.
   Die optrede was ’n groot sukses, maar die instrumente se terugdra was vir Tiaan ’n antiklimaks: Die groeplede praat nie met mekaar nie en kan dus nie die vreugde van hul sukses deel nie.

6. Hy is geskok, maar hy het gehoor wat hy graag wil hoor: Liezl is mal oor hom.

7. “uit die veld geslaan”

8. Hy bloos.

9. Liezl en Tiaan soen.

10. Strokiesprent

11. Gee die Afrikaanse woord vir:
    11.1. *unfair* – onregverdig
    11.2. *hijack* – kaap
    11.3. *show* – vertoning
    11.4. *love story* – liefdesverhaal

## *Hoofstuk 46-52*

1. Hierdie Maandag was terselfdertyd die malste, beste en aakligste dag van sy lewe. Hy het die mal idee gekry om die radiostasie te kaap in die hoop om die ander groeplede te oortuig dat hulle wel die aand moet optree. Dit was die beste dag van sy lewe, want hy het uitgevind dat die meisie oor wie hy mal is ook van hom hou. Dit was egter ook die aakligste dag van sy lewe, want hy vermoed hy het sy beste vriend verloor.

2. Hy het nie gedink Zane gaan ooit weer met hom praat nie.

3. Zane het twee inskrywings gemaak in *Tiaan en Zane se Gids tot Meisies:*
   #240. Partykeer gaan jou beste pel die girl kry op wie jy verlief is.
   #241. Partykeer moet jy hom daarvoor vergewe.

4. “Dit voel of ’n berg van my skouers af lig.”

5. Tydens Suurlemoen! se eerste radio-onderhoud sê Bongi hulle grootste inspirasie is hul bewonderaars, veral Frik van Tonder. Sy sê ook sy wil vir hom ’n present gee (’n Suurlemoen!-T-hemp) omdat hy soveel gedoen het om hulle te help. Die gebaar is natuurlik sarkasties.

6. Hoofstuk 49 bestaan net uit ’n koerantknipsel van die artikel oor *Suurlemoen!* wat deurgedring het na die finaal van die kompetisie.

7. Hulle is al lank bymekaar en was al op die voorblad van *JIP*.

8. MK is ’n Suid-Afrikaanse musiekkanaal op DStv. (Dit was vroeër ’n TV-kanaal, maar is deesdae slegs op die internet te sien.)

9. Hul ondersteuners het veilig gearriveer en Chrome Bunny gaan weer begin optree.

10. Hulle begin op ’n vals noot en Tiaan se kitaarsnaar breek.

11. Daar is ’n geleidelike opbou van spanning deur die loop van die verhaal met die groep wat opbreek, Tiaan wat drasties iets moet doen om die groep te red, konflik tussen Tiaan, Zane en Liezl en die eindronde van die kompetisie wat nie goed begin vir Suurlemoen! nie. Die hoogtepunt/klimaks is wanneer Suurlemoen! uiteindelik die kompetisie wen.

12. Die laaste hoofstuk bestaan net uit foto’s en ’n paar notas. Dit vat egter die slot mooi saam:
    - Suurlemoen! is die wenners van die kompetisie.
    - Zane is al klaar weer oor Liezl en doenig met ander meisies.
    - Tiaan en Zane is weer beste vriende.

13. Eie opinie.

# Hersiening van die inhoud

**Hoofstuk 1: Mozart met lipstick**

Juffrou Pienaar vra vir Tiaan en Zane om ’n brief by meneer Marx te gaan aflewer. Die twee vriende stap na sy musiekklas op die punt van die ry buitenste klasse. Hy is nie daar nie en Tiaan sit die brief op sy lessenaar neer. Intussen het Zane die lipstiffie wat hy voor skool opgetel het, uitgehaal en die beeldjie van Mozart versier. Tiaan wil nog iets sê, toe meneer Marx die klas binnekom. Hy vaar nie uit teenoor hulle nie, maar vra dat hulle hom ná skool in sy klas kom spreek.

**Hoofstuk 2: Orkesoefening**

Toe Tiaan en Zane by meneer Marx se klas aankom, hoor hulle ’n lawaai van binne. Hulle gaan in en sien dat die skoolorkes regmaak vir hul oefening. Meneer Marx begin met hulle praat oor post-modernisme en haal die versierde Mozartbeeldjie uit ter illustrasie. Hy vra vir die twee vriende van watter musiek hulle hou en op Zane se antwoord dat hulle van rock hou, rits hy ’n lang lys van verskillende soorte rock af. Hulle besef meneer Marx weet meer van musiek as wat hulle gedink het. Frik van Tonder roep uit dat die twee ’n *band* het. Meneer Marx haal inligtingstukke uit oor die Rumoer-kompetisie vir rockorkeste. Dit is oop vir diegene wat nog op skool is. Meneer Marx vra of hulle belang stel.

**Hoofstuk 3: Pause. Rewind.**

Tiaan praat oor die tipe musiek waarvan hy hou. Hy hou nie van die musiek wat hulle ’n mens op skool leer nie. Hy en Zane speel al ’n bietjie meer as ’n jaar saam kitaar – een keer ’n week in die garage. Hulle is nie wat ’n mens ’n *band* kan noem nie – hulle het nog nooit eens op ’n naam besluit nie. Hulle het al ’n slag of wat probeer adverteer vir ’n tromspeler, maar al hul pogings het te simpel gelyk en hulle het dit laat vaar.

**Hoofstuk 4: Play**

Die twee vriende is steeds by die orkesoefening. Zane sê vir meneer Marx hulle het ’n tromspeler en ’n sanger nodig om ’n *band* te vorm.

Tiaan kan nie glo wat Zane besig is om te doen nie. Meneer Marx stel voor hulle hou oudisies en bied aan dat hulle die leë klaskamer langs syne kan gebruik. Net daar besluit Zane om die oudisies Donderdagmiddag ná skool te hou en kondig dit aan as ’n uitnodiging aan al die skoolorkeslede.

**Hoofstuk 5: Selfportret**

Tiaan sit in sy kamer en probeer foto’s van homself neem met die digitale kamera wat hy die vorige maand vir sy verjaardag gekry het. Skielik praat Zane agter hom en hy wip soos hy skrik. Hy is so skaam ná die voorval by die orkesoefening dat hy homself nou binnenshuis wil besig hou in plaas van uitgaan. Zane is baie positief oor die oudisies, die kompetisie en Liezl Kritzinger.

**Hoofstuk 6: Kennisgewings**

Zane het kennisgewings gemaak om die oudisies te adverteer. Ongelukkig het hy “oudisies” verkeerd gespel. Tiaan is glad nie beïndruk nie, omdat Zane nie eens sy opinie gevra het voordat hy besluit het om oudisies te hou nie.

**Hoofstuk 7: Zane se verdiende loon**

Donderdagoggend is Tiaan spyt sy pa is ’n dokter. Hy wil maak of hy siek is om die oudisies mis te loop, maar hy kan nie. Toe hulle ná skool by die musiekklasse kom, is daar nog niemand vir die oudisies nie. Ná twintig minute se wag, probeer Tiaan vir Zane oortuig dat hulle liewer iets moet gaan kry om te eet, maar Zane het ’n ander plan. Hy stap na meneer Marx se musiekkamer waar die orkes oefen en reël met die onderwyser dat hulle die oudisies in sy klas hou.

**Hoofstuk 8: Oudisies**

Tiaan en Zane is in die klas waar die skoolorkes oefen en dit voel vir Tiaan of hy in ’n nagmerrie is. Gelukkig help meneer Marx om die spanning te breek en die oudisies aan die gang te kry. Voordat iemand nog ’n oudisie aflê, stel Liezl Kritzinger voor die twee vriende speel eers iets. Dit sal vir die res van die groep wys of dit die moeite werd sal wees om in ’n *band* saam met Tiaan en Zane te wees. Die oudisies loop nie goed af nie, tot Liezl kom sing. Toe sy klaar gesing

het, bied Sibongile aan om ’n tromoudisie te doen. Dit is ’n dawerende sukses.

**Hoofstuk 9: Casanova op sy knieë**

Liezl sê sy kan nie in die *band* wees nie omdat sy bang is sy gaan nie genoeg tyd hê vir oefen nie. Zane gaan op sy knieë om haar te smeek, maar Bongi het ’n beter voorstel. Sy stel voor dat die vier mekaar die volgende middag by Milky Lane ontmoet waar hulle kan praat oor die *band*. Liezl stem in om hulle daar te sien. Toe die meisies weg is, erken Zane aan Tiaan dat hy verlief is op Liezl.

**Hoofstuk 10: Die Gids**

In hierdie hoofstuk vertel Tiaan van sy en Zane se Gids tot Meisies. Hulle skryf al van graad 8 af alles neer wat hulle oor meisies leer. As hulle 18 word, wil hulle duisende kopieë druk en dit deur ’n ondergrondse netwerk versprei na ouens van alle ouderdomme wat sukkel om meisies te verstaan. Toe Tiaan reël 235 in die gids lees, verstaan hy hoekom Zane so gretig was om die *band* te begin.

**Hoofstuk 11: Wat’s in ’n naam?**

Die vier vriende sit in die Milky Lane en probeer ’n naam uitdink vir die groep. Dit sukkel maar. Liezl en Bongi laat die ouens verstaan dat hulle nog nie seker is of hulle aan die groep wil behoort nie. Dan tref die vier ’n kompromis: Almal sluit vir ’n maand aan by die groep en dan besluit hulle ná ’n maand of dit gaan werk of nie. Bongi lees ’n ou Engelse gesegde op haar suikerpakkie en net daar kry hulle ’n naam: Suurlemoen! met ’n uitroepteken. Tiaan bestel suurlemoenskyfies wat hy vir die fotonemery wil gebruik.

**Hoofstuk 12: Suur…!**

Hierdie hoofstuk bevat die biografieë van die vier lede van Suurlemoen! Hulle beantwoord almal die vrae oor hul ouderdom, stokperdjies, vyf woorde om hulself te beskryf, kosbaarste besitting, diepste, donkerste geheim en voltooi die sin wat begin met *Suurlemoene is …*

**Hoofstuk 13: Lawaai**

Tiaan, Zane, Liezl en Bongi oefen vir die eerste keer saam. Die inskrywing is gepos en Suurlemoen! is nou amptelik ingeskryf vir die

Rumoer-kompetisie. Hulle dink hulle klink goed saam, maar weet ook hulle moet nog drie nuwe liedjies skryf vir die kompetisie. Ná die oefening bied Zane aan om saam met Liezl huis toe te stap. Hulle bly glad nie naby mekaar nie, maar hy wil haar uitvra vir ’n fliek. Bongi dink hy’s ’n Casanova, maar Tiaan verdedig hom.

**Hoofstuk 14: Song**
Tiaan sit in sy kamer en probeer ’n liedjie skryf. Hy kom agter dat dit dalk nie so maklik is as wat hy gedink het nie. Hy gaan haal iets om te eet in die kombuis en sien suurlemoene in die groentemandjie. Hy besluit om ’n liedjie oor suurlemoene te probeer skryf. Skielik roep sy ma na hom en hy weet: Daar’s moeilikheid.

**Hoofstuk 15: Senuweebrakke**
Tiaan vertel vir die ander dat die buurvrou se twee poedels senuwee-ineenstortings gekry het van hulle musiek. Hulle mag nie meer in hul motorhuis oefen nie en sy ouers is baie vies vir hom. Niemand het ’n voorstel vir ’n ander oefenplek nie. Zane vertel vir Tiaan dat hy toe vir Liezl fliek toe gevra het, maar sy moet die volgende paar aande oefen vir haar musiekeksamen. Sy het darem nie nee gesê nie ...

**Hoofstuk 16: Klankdig**
In hierdie hoofstuk word die skool se radiostasie die eerste keer genoem. Twee graad 11-seuns speel elke pouse versoeke, liedjies en afkondigings. Hulle het ’n mikrofoon en ’n CD-speler wat gekoppel is aan twee luidsprekers wat oor die skoolterrein uitsaai. Suurlemoen! hoor dat daar ’n nuwe oefenplek is. Bongi het gereël dat hulle in die oop klas langs meneer Marx s’n kan oefen, maar daar is ’n vangplek: Hulle moet dit skoonmaak en verf voordat hulle dit kan gebruik.

**Hoofstuk 17: Operasie Orkeskamer**
Zane en Tiaan is verstom toe hulle in die orkeskamer kom en sien hoe vuil dit is. Die vier spring aan die werk en ná ’n uur of wat ontdek Liezl ’n boks met ou plate en ’n platespeler. Ná ’n bietjie sukkel, kry hulle dit aan die speel en sing saam met die plate terwyl hulle die oorspronklike kunstenaars namaak. Tiaan lag so lekker vir Liezl se Cher dat hy sy reëls mis! Bongi wil hê hulle moet die volgende middag klaar wees met die skoonmaak en die verwery sodat hulle regte musiek kan begin maak.

**Hoofstuk 18: Mal**
Zane lê op Tiaan se bed en praat oor Liezl. Hy is mal oor haar en soek raad by Tiaan. Sy het nog nie ingestem om saam met hom te gaan fliek nie en hy weet nie wat hy verkeerd doen nie. Tiaan se raad is eenvoudig: Wees net jouself. Zane haal hul gids tot meisies uit en skryf dié raad by nommer 239.

**Hoofstuk 19: Lemonade**
Die verwery is klaar en die groep dink dit lyk wonderlik. Hulle het musieknote op die klasmure geverf en wonder hoe menere Marx en Van Schalkwyk gaan reageer. Dit is tyd om te begin oefen, maar eers gee Bongi vir almal toebroodjies en limonade en hulle praat oor hul pogings om liedjies te skryf. Niemand was suksesvol nie, maar Tiaan blaker sy idee uit om 'n liedjie oor suurlemoene en limonade te skryf. Zane lag vir hom, maar Bongi en Liezl is baie opgewonde. Tiaan wys vir hulle die Post-It-plakkers waarop hy sy idees neergeskryf het. Liezl glimlag vir Tiaan en dit laat hom op 'n lekker manier vreemd voel ...

**Hoofstuk 20: Maak lemonade (woorde en lirieke: Suurlemoen!)**
Hierdie hoofstuk bestaan net uit die handgeskrewe liriek van Suurlemoen! se eerste liedjie.

**Hoofstuk 21: Net voor ons held in 'n zombie verander…**
Tiaan stort. Terwyl hy stort, neurie en sing hy die liedjie wat hulle die middag geskryf het. Hy voel depressief, maar het nie 'n verklaring vir die gevoel nie. Hy weet dat Zane en Liezl die volgende middag gaan fliek, maar dink nie dit het iets met sy gevoelens te doen nie. Hy dink hy is dalk besig om mal te word. 'n Stem in sy kop sê vir hom dis dalk tyd om 'n meisie te kry, maar hy is nie op iemand verlief nie. Nie waarvan hy bewus is nie ...

**Hoofstuk 22: Snuffelgids**
Tiaan word in die middel van die nag wakker uit 'n nagmerrie. Hy gaan drink water in die badkamer en onthou wat hy gedroom het: Daar was 'n advertensie in die *Snuffelgids*. 'n Persoonlike advertensie van hom – sestien, desperaat op soek na ware liefde ...

**Hoofstuk 23: Chrome Bunny**
Zane kom by Tiaan kuier. Hulle praat vlugtig oor Zane en Liezl se fliekafspraak, maar hy het eintlik met ander nuus gekom. Meneer Marx was jare gelede in ’n beroemde *band* – Chrome Bunny. Sy ma het die plaat wat hulle vrygestel het en hy wys dit vir Tiaan. Die groep het ontbind nadat die plaat uitgereik is, maar niemand weet regtig hoekom nie.

**Hoofstuk 24: Fast Forward**
Tiaan praat oor die boek wat hy lank gelede uitgeneem het. Dit gaan oor hoe om ’n *band* te begin. Hy het aanvanklik nie gedink die mense weet waarvan hulle praat nie, maar ná ’n week in Suurlemoen! het hy besef wat hulle bedoel het toe hulle die eerste hoofstuk se naam gekies het: *Beware: Being in a rock band can be dead boring.* Hy gee ook ’n Fast Forward-weergawe van die afgelope week.

**Hoofstuk 25: Die taal van tuinkabouters**
Tiaan kom by Liezl se huis aan sodat hulle aan idees vir nog ’n liedjie kan werk. Hulle gaan sit in die tuin en gesels. Hulle praat oor Tiaan se liefde vir fotografie. Liezl dink om liedjies te skryf is baie dieselfde as om foto’s te neem – uit alles om jou kies jy een ding om op te fokus. Sy vra hom waarvan hy ’n foto sal wil neem en hy sê hy sal ’n foto van die tuinkabouter neem. Hulle spot en gesels so lekker oor die tuinkabouter dat Tiaan skoon vergeet dat hulle eintlik daar is om ’n liedjie te probeer skryf.

**Hoofstuk 26: Girls only**
Liezl het by die huis met haar viool geoefen en die perfekte brug gekry vir hul nuwe liedjie, “Van my kop af”. Dit is minder as vyf weke voor die kompetisie, maar dinge gaan nou goed met die tweede liedjie. Die klaskameroefenplek werk baie goed en in die drie weke wat die groep al bestaan, het hulle twee liedjies geskryf wat goed klink. Toe die oefening verby is, wil Zane saam met Liezl stap, maar die twee meisies wil alleen gaan koffie drink. Zane nooi vir Tiaan om saam met hom huis toe te stap.

**Hoofstuk 27: Eerste gig**
Tiaan loop vir Frik by die snoepie raak en Frik soek skoor met hom

oor die *band*. Bongi kom daar aan om vir Tiaan te sê dat meneer Marx hulle ná skool in sy musiekklas wil sien. Toe hulle daar kom, lees meneer Marx vir hulle ’n faks wat die skool ontvang het vir Suurlemoen! Dit is van die organiseerders van die Rumoer-kompetisie. Dan maak meneer Marx die voorstel dat hulle voor die skool optree sodat hulle ten minste een maal op ’n verhoog speel voor ’n gehoor, voor die kompetisie. Hy gaan die optrede reël vir Maandag oor ’n week. Suurlemoen! sal speel net voor die drama-groep *Romeo and Juliet* opvoer.

**Hoofstuk 28: Elektrisiteit**

Tiaan lê verveeld op sy bed toe Liezl hom bel. Sy het ’n idee vir ’n plakkaat om hul eerste optrede te adverteer en wil kom kuier. Sy en Zane daag ’n rukkie later by Tiaan se huis op. Liezl wil hê Tiaan moet ’n suurlemoen afneem en teken ’n skets van wat sy in gedagte het. Tiaan reken Photoshop is net die regte program om die plakkaat mee te ontwerp. Liezl bel vir Bongi sodat sy nie die maak van Suurlemoen! se eerste plakkaat misloop nie.

**Hoofstuk 29: Ingeprop**

Suurlemoen! speel “Van my kop af” en toe hulle klaar is, hoor hulle meneer Marx se stem agter hulle. Hy het gehoor hulle speel en het gou kom luister. Hy bring een van hul plakkate saam en sê dat hulle eers toestemming moes kry voordat hulle dit in die skool opgesit het. Hy het vir die skoolhoof gesê dat hy vir hulle toestemming gegee het. Dan maak hy ’n voorstel: Hulle moet hulself op band opneem voor hulle eerste optrede sodat hulle kan hoor hoe die liedjies regtig klink.

**Hoofstuk 30: Op tape**

Suurlemoen! luister na die opname van *Maak lemonade* en elkeen reageer op sy eie manier. Zane raak opgewonde oor die liedjies en besluit om sy kitaar saam te neem huis toe sodat hy kan gaan oefen. Tiaan gee vir hom die sleutels van die oefenkamer sodat hy die volgende oggend voor skool die kitaar kan gaan terugsit. Liezl het haar fiets saamgebring en Zane kan nie weer saam met haar stap nie.

**Hoofstuk 31: Psycho Bob en Willem**

Psycho Bob en Willem kondig tydens die eerste pouse aan dat hulle ’n verrassing vir die skool het. Hulle moet egter wag tot tweede pouse. Net ná die afkondiging kom Frik van Tonder by Tiaan-hulle aan en vra of hulle weet wat die verrassing is. Toe tweede pouse aanbreek, kondig die twee ouens aan dat hulle ’n demonstrasiekasset van Suurlemoen! ontvang het en speel “Maak lemonade” vir die skool. Liezl, Bongi, Tiaan en Zane wonder wie die kasset vir Psycho Bob en Willem gegee het. Tiaan verdink onmiddellik vir Frik. Hy weet net nie hoe Frik dit uit die oefenkamer sou kry nie. Dan onthou hy dat hy die vorige dag vir Zane die sleutels gegee het ...

**Hoofstuk 32: Skadebeheer**

Suurlemoen! praat oor wat hulle nou moet doen. Bongi stel voor hulle doen niks nie en gaan net aan asof niks gebeur het nie. Hulle kan Frik later terugkry wanneer hy dit die minste verwag. Sy vra ook die sleutels vir die oefenkamer, want sy weet dit sal veiliger by haar wees. Toe Zane en Tiaan in hulle ry gaan inval, spot ’n paar mense met hulle en almal lag vir hulle.

**Hoofstuk 33: Toilettreffer**

Tiaan dink daaraan dat alle skoolbadkamers dieselfde ruik en wonder of daar ’n maatskappy is wat baie geld maak deur ontsmettingsmiddel aan al die skole te verkoop. Terwyl hy sy hare in die spieël kam, hoor hy hoe iemand, wat op die toilet sit, “Maak lemonade” neurie. Zane sê dat Psycho Bob en Willem weer die liedjie op die radio speel. Bongi en Liezl is opgewonde, want “Maak lemonade” is nommer een op die topdrie. Frik het hulle ’n guns gedoen deur die kasset vir die omroepers te gee.

**Hoofstuk 34: Wiskunde en ’n jackpot-vraag**

Tiaan sit en sukkel met sy wiskundehuiswerk en begin met sy sakrekenaar speel. Hy spel woorde en kom agter Liezl se naam is die enigste in Suurlemoen! wat ’n mens (byna) in syfers kan skryf. Dan bel hy haar en vertel haar van sy plan om T-hemde te laat maak met die *band* se naam op. Hy sê vir haar hy het al ’n paar goed op sy rekenaar ontwerp en nooi haar oor. Sy stem in om te kom.

**Hoofstuk 35: Great**

Liezl en Tiaan is in sy kamer aan die werk aan hul T-hemp-idee. Hulle kyk na die eerste ontwerp op die rekenaarskerm. Hulle praat oor die idee en net toe Liezl vir Tiaan sê dat hy *amazing* is, kom Zane daar aan. Tiaan hoor hom praat en sien hoe hy uitloop. Hy probeer agter hom aanhardloop, maar toe Liezl sê dis alles haar skuld, bly hy agter en hoor haar verduideliking. Sy loop ook en hy weet hy kan nie agter twee mense gelyk aanhardloop nie. Hy gaan sit op sy bed en besef sy lewe het eensklaps in ’n sepie verander.

**Hoofstuk 36: Stilstuipe**

By die skool kom Tiaan agter nie Zane of Liezl praat met hom nie. Pouse besluit hy om sy wonde in die mediasentrum te gaan lek. Op pad loop hy vir Bongi raak. Sy stel voor hulle kanselleer die middag se oefening omdat Tiaan, Liezl en Zane nie meer met mekaar praat nie en ’n oefening dus onmoontlik sal wees. Maar oor drie dae is hul eerste optrede. In die mediasentrum kyk Tiaan na die boeke en wonder of daar nie dalk ’n boek sal wees wat hom uit die gemors kan kry nie. Dan gaan sit hy by ’n tafel en maak ’n lys van redes waarom hy dalk op Liezl verlief kan wees en waarom hy beslis nie op haar verlief kan wees nie.

**Hoofstuk 37: Vuishou**

Bongi bel vir Tiaan om te hoor of hy Saterdagoggend kan oefen. Zane en Liezl daag ook op, maar die atmosfeer is erg gespanne. Toe Bongi voorstelle vra vir twee bekende liedjies wat hulle kan speel, stel Zane voor hulle sing die ou Anneli van Rooyen-treffer “Soos ou vriende doen”. Hierna loop Liezl, en Bongi roep vergeefs agter haar aan.

**Hoofstuk 38: Uitgeplug**

Tiaan kry ’n oproep van Bongi. Dit is slegte nuus. Liezl is klaar met die *band*. Zane weet ook al. Die proefmaand waarop hulle ooreengekom het, is verby. Die volgende aand se optrede is van die baan. Tiaan is verslae en besef die suurlemoen met die elektriese draad wat op hul plakkate is, is deur Liezl uitgeprop.

**Hoofstuk 39: Bands wat hulle alie gesien het omdat hulle gefight het**

In die rekenaarperiode gebruik Tiaan sy tyd om op die internet te soek na *bands* wat hul alie gesien het omdat hulle baklei het. Hy maak ’n lys van ses *bands*, maar dit laat hom net meer terneergedruk voel.

**Hoofstuk 40: Meneer Marx**

Tiaan, Zane, Bongi en Liezl gaan spreek vir meneer Marx. Hy wou hulle spreek omdat hy weet hulle het opgebreek. Hy vra nie ’n verduideliking nie en hy preek ook nie vir hulle nie. Hy sê dis soms beter vir ’n *band* om op te breek, eerder as wat die lede die lewe vir mekaar moeilik maak. Hulle is stomverbaas toe hulle uitloop. Tiaan reken ’n preek sou dalk beter gewees het. Hy vermoed onderwysers sê partykeer die teenoorgestelde van wat jy verwag en hoop dan jy kry self die antwoord uitgewerk.

**Hoofstuk 41: Psycho**

Tiaan dink hy’s besig om mal te word. Hy bedink ’n plan wat so mal is dat hy bang is die ander kan in sy kop inkyk en sien wat hy dink. ’n Paar minute voor pouse vra hy om die kamer te verlaat. Hy gaan kruip weg en stap na die radiostasie toe. Toe Psycho Bob die deur agter hom probeer toemaak, forseer hy dit oop en vra die verbaasde aanbieders om hulp.

**Hoofstuk 42: Gyselaarsdrama**

Tiaan hou die twee aanbieders van die skool se radiostasie gyselaar tydens hul uitsending. Hy wil hê Suurlemoen! moet daardie aand vir oulaas speel. Hy vra dat Liezl, Bongi en Zane hul antwoorde op briefies skryf en in die stembus by die radiostasie kom ingooi. Teen die einde van die pouse het hy nog nie pos gekry nie. Hy en die twee aanbieders bly net waar hulle is. Die skoolhoof kom klop aan die deur en dan kom meneer Marx. Hy het die hoof oortuig om nie vir Tiaan te straf as hy dadelik uitkom nie. Meneer Marx gee ook vir Tiaan sy pos: Al drie die ander sê ja vir die optrede. Tiaan neem die mikrofoon en sê vir die skool hy sien hulle daardie aand by die optrede.

**Hoofstuk 43: Suurlemoen! en Shakespeare**

Psycho Bob en Willem is seremoniemeesters by die konsert en terwyl hulle skerts op die verhoog, staan Tiaan en die res van Suurlemoen! senuweeagtig in die vleuels en wag. Hulle begin speel en alles verloop baie vlot.

**Hoofstuk 44: Romeo en Juliet**

Terwyl Bongi en Tiaan *Romeo and Juliet* kyk, sê sy vir hom dat Liezl mal is oor hom. Hy kan dit nie glo nie. Bongi verduidelik dat Liezl teruggetrek het, omdat sy nie tussen hom en Zane wil kom nie. Sy weet Zane hou ook van haar. Nadat hy ’n oomblik in geskokte stilte gesit het, staan Tiaan op om die saal te verlaat. Hy sê vir Bongi hy gaan verf soek.

**Hoofstuk 45: Verf**

Tiaan kom by Liezl se huis aan met die verf, kwaste en ’n flits. Haar pa gaan roep haar en almal is baie verbaas dat hy so laat in die aand daar aankom. Hy begin die tuinkabouter afskuur en Liezl sit by hom. Hulle begin praat en sy neem ’n kwas om hom te help. Sy leun vorentoe en soen hom.

**Hoofstuk 46: Zane**

Toe Tiaan verby Zane se huis ry, sien hy sy vriend se kamerlig brand en gaan klop aan sy kamervenster. Hy praat vinnig om alles gesê te kry wat hy wil sê voordat Zane hom dalk kortknip. Zane luister na wat Tiaan te sê het, maar dit is nie juis ’n gesprek nie ...

**Hoofstuk 47: #241**

Die volgende oggend voel Tiaan baie moeg! Terwyl hy sit en slaap aan die ontbyttafel kom Zane daar aan. Hy bied aan om Tiaan se tas te gaan haal in sy kamer en kom terug met die tas en Tiaan en Zane se Gids tot Meisies. Hy het twee nuwe inskrywings gemaak.

**Hoofstuk 48: Frik**

Dit is die Dinsdagoggend voor die halfeindronde van die Rumoer-kompetisie en Suurlemoen! doen hul eerste radio-onderhoud. Psycho Bob en Willem voer ’n onderhoud met hulle tydens pouse.

Bongi gebruik haar kans om vir Frik van Tonder terug te kry vir al sy geterg en geboelie.

**Hoofstuk 49: Koerantknipsel**

Die hoofstuk bevat die koerantknipsel van die artikel oor Suurlemoen! wat deurgedring het na die finaal van die Rumoer-kompetisie.

**Hoofstuk 50: Rumoer**

Suurlemoen! is by die finaal van die Rumoer-kompetisie. Al vier lede is maar erg senuweeagtig. Hulle staan buite rond en die verhoog-bestuurder kom gee die waarskuwing dat dit vyf minute is voordat hulle moet opgaan. Meneer Marx kom hulle sterkte toewens en sê dat hul ondersteuners veilig aangekom het. Dan nooi hy hulle om te kom luister na Chrome Bunny in ’n *pub* in Kirstenstraat. Die groep is baie opgewonde om te hoor dat meneer Marx se *band* weer bymekaar is. Dan roep ’n stem al die *bands* nader sodat die finaal kan begin.

**Hoofstuk 51: Magic**

Die eindronde begin nie goed vir Suurlemoen! nie. Hulle begin op ’n vals noot en Tiaan breek ’n kitaarsnaar. Gelukkig is daar ’n ekstra kitaar byderhand en hulle speel verder. Dinge gaan net beter en beter.

**Hoofstuk 52: Suurlemoen!**

Suurlemoen! is die wenners van die Rumoer-kompetisie.

# Assesseringstake, aktiwiteite en werkskaarte

## Hersieningstoets 1

Lees die uittreksels uit *Suurlemoen!* deur Jaco Jacobs aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**#241**

My nagtelike eskapades het hulle tol geëis. Ek sit en staar vir my Rice Krispies, moedeloos vaak. Ek weet nie hoe ek vandag by die skool gaan wakker bly nie.

Die gelui van die voordeurklokkie klink kilometers ver. “Tiaan, jy sit en slaap wraggies aan tafel! Jy gaan laat wees vir skool,” sê my ma agter my. “Zane is hier.”

Ek draai verbaas om.

| | | |
|---|---|---|
| 1.1. | Verduidelik hoekom hierdie hoofstuk se naam juis #*241* is. | (2) |
| 1.2. | Watter tipe verteller kom hier voor? Gee ’n rede vir jou antwoord. | (2) |
| 1.3. | Waarna verwys Tiaan as hy praat van sy “nagtelike eskapades” | (2) |
| 1.4. | Hoekom is Tiaan verbaas om vir Zane te sien? | (1) |
| 1.5. | Hoekom het Zane na Tiaan toe gekom? | (1) |

Die Dinsdagoggend voor die halfeindronde van die Rumoer-kompetisie het Suurlemoen! sy eerste radio-onderhoud. Dis nou as jy nie my "verskyning" op Psycho Bob en Willem se show bytel nie.

Dit voel nogal weird om terug te wees in die radio-ateljee. Die afgelope drie weke sedert ons break-up het verbygevlieg – seker omdat ons so hard geoefen het.

"Goeiemôre, liewe luisteraars," begin Willem, "en welkom by..."

"...pouse, die belangrikste rede om skool toe te kom."

| | | |
|---|---|---|
| 2.1. | Van watter "verskyning" op Psycho Bob en Willem se show praat Tiaan? | (2) |
| 2.2. | Wat, sê Bongi in die onderhoud, is Suurlemoen! se grootste inspirasie? | (1) |
| 2.3. | Bongi sê in die onderhoud Suurlemoen! wil vir Frik 'n present gee omdat hy soveel gedoen het om hulle te help, maar eintlik probeer sy hom voor die hele skool verneder. | |
| 2.3.1 | Wat wil Bongi vir Frik present gee? | (1) |
| 2.3.2 | Wat het Frik gedoen om Suurlemoen! te help? | (1) |
| 2.3.3 | Wat doen Psycho Bob en Willem om Frik se vernedering erger te maak? | (1) |

Die saal is stampvol. Daar is baie meer mense as by die semi's. Iemand met 'n geel Suurlemoen!-T-hemp spring op en af in die gehoor. Agter in die saal is 'n TV-kamera op 'n hengse stellasie. Dit voel asof die bloed in my ore begin dreun en die geskree van die crowd uitdoof.

Bongi tel...
Een.
Twee.
Drie.
Ek voel soos 'n vliegtuig op autopilot...alles gebeur asof vanself.
En dit begin nie te goed nie...
Ons trek op 'n vals noot weg.

| | | |
|---|---|---|
| 3.1. | Waar is Suurlemoen! besig om op te tree? | (1) |
| 3.2. | Wat loop alles verkeerd met die optrede van hul eerste liedjie? | (2) |
| 3.3. | Hoe word hierdie probleem/probleme opgelos? | (1) |
| 3.4. | Lewer kommentaar oor die slot van die verhaal. | (2) |

**[20]**

## ANTWOORDE

| | | |
|---|---|---|
| 1.1. | Die hoofstuk gaan oor Zane wat inskrywing #241 in Tiaan en Zane se Gids tot Meisies maak. | (2) |
| 1.2. | Ek-verteller. Die verteller gebruik woorde soos "my" en "ek". | (2) |
| 1.3. | Hy was tot laat by Liezl se huis om hul tuinkabouter te verf en daarna was hy by Zane om jammer te sê. | (2) |
| 1.4. | Hy het nie gedink Zane gaan ooit weer met hom praat nie. | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 1.5. | Om inskrywings #240 en #241 in Die Gids te maak en dus vir Tiaan te sê dat hy hom vergewe. | (1) |
| | | |
| 2.1. | Hy praat van toe hy vir Psycho Bob en Willem en die radiostasie gyselaar gehou het. | (2) |
| 2.2. | Hul bewonderaars. | (1) |
| 2.3.1 | ’n Suurlemoen!-T-hemp | (1) |
| 2.3.2 | Hy het die bandopname van “Maak lemonade” vir Psycho Bob en Willem gegee. | (1) |
| 2.3.3 | Hulle dra die liedjie op aan Frik. | (1) |
| | | |
| 3.1. | By die finaal van die Rumoer-kompetisie. | (1) |
| 3.2. | Hulle begin op ’n vals noot en Tiaan se kitaarsnaar breek. | (2) |
| 3.3. | Iemand leen vir Tiaan ’n kitaar. | (1) |
| 3.4. | Die slot is die klimaks van die verhaal – Suurlemoen! wen die Rumoer-kompetisie. Die verhaal het ’n gelukkige einde – Tiaan en Liezl is bymekaar, Zane en Tiaan is weer vriende. | (2) |
| | | |

**[20]**

## Hersieningstoets 2

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Pas die name of elemente uit die verhaal hier onder by die beskrywings. | (8) |
| *Jacobs / Tiaan / Marx / Bongi / Rumoer / Frik / Romeo & Juliet / senuweebrakke* | | |
| 1.1. | eerste openbare optrede | |
| 1.2. | poedels | |
| 1.3. | “skurk” in die verhaal | |
| 1.4. | skrywer | |
| 1.5. | tromspeler | |
| 1.6. | musiek | |
| 1.7. | hoofkarakter | |
| 1.8. | kompetisie | |
| | | |
| 2. | Lees die volgende uittreksels en beantwoord die vrae wat daarop volg: | |

> Ek het vir Zane gesê dis ’n simpel idee om vir Mozart lipstick aan te sit. Oukei, dit sou seker actually snaaks gewees het, as ons nie uitgevang is nie.

| | | |
|---|---|---|
| 2.1. | Watter TWEE belangrike dinge, dink jy, sou nie in Tiaan se lewe gebeur het as Zane nie vir Mozart lipstiffie aangesit het nie? | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| 2.2. | Gee jou opinie oor die gebruik van Engelse woorde in die roman en sê kortliks hoekom jy so dink. | (2) |

#240. Partykeer gaan jou beste pel die girl kry op wie jy verlief is.
Ek sug en glimlag.
#241. Partykeer moet jy hom daarvoor vergewe.

| | | |
|---|---|---|
| 2.3. | Wie het die inskrywings in Tiaan en Zane se Gids tot Meisies gemaak? | (1) |
| 2.4. | Wat is Tiaan en Zane se Gids tot Meisies? | (2) |
| 2.5. | Wie is die "ek" in die uittreksel? | (1) |
| 2.6. | Na aanleiding van watter situasie is hierdie inskrywings gemaak? | (2) |
| | | |
| 3. | Dink jy volgende jaar se graadagts moet ook *Suurlemoen!* lees? Sê kortliks hoekom. | (2) |

**[20]**

## ANTWOORDE

| | | |
|---|---|---|
| 1.1. | Romeo & Juliet | |
| 1.2. | senuweebrakke | |
| 1.3. | Frik | |

| | | |
|---|---|---|
| 1.4. | Jacobs | |
| 1.5. | Bongi | |
| 1.6. | Marx | |
| 1.7. | Tiaan | |
| 1.8. | Rumoer | (8) |
| | | |
| 2.1. | Suurlemoen! sou nie ontstaan het nie.<br>Tiaan sou nie verlief geraak het op Liezl nie. | (2) |
| 2.2. | Eie opinie + motivering, bv: Dit maak die storie geloofwaardig, want tieners praat so. | (2) |
| 2.3. | Zane | (1) |
| 2.4. | Dit is ’n boek waarin Tiaan en Zane sedert graad 8 alles neerskryf wat hulle oor meisies weet. | (2) |
| 2.5. | Tiaan | (1) |
| 2.6. | Tiaan en Liezl het in Tiaan se kamer gewerk aan ’n ontwerp vir Suurlemoen! se T-hemde. Zane loop toe in en sien die twee styf langs mekaar sit met Liezl wat vir Tiaan sê hoe “amazing” hy is. Liezl het ’n afspraak met Zane gehad om te gaan koeldrank drink en hom laat weet dat sy iets anders aan die gang het toe sy liewer na Tiaan se huis wou gaan. | (2) |
| | | |
| 3 | Eie mening + rede. | (2) |

**[20]**

## Luister en praat

- Trek aan soos een van die karakters in Suurlemoen! en lewer ’n gedramatiseerde weergawe van ’n karakterskets.
- Maak hand- of vingerpoppe en hou ’n poppekas van ’n gedeelte van die boek.
- Jy is die regisseur van die fliek oor die boek wat jy gelees het. Kies akteurs en aktrises om die rolle van die karakters in die boek te speel. Maak ’n plakkaat met foto’s en vertel die klas hoekom hulle perfek vir die rolle sal wees.
- Skryf nuwe lirieke vir ’n bestaande liedjie sodat dit die storie vertel. Lewer ’n optrede in die klas!
- Hierdie boek het my laat: *wens dat ..., besef dat ..., wonder oor ..., glo dat ..., voel asof ..., hoop dat ...*
- Dramatiseer ’n televisie- of radioadvertensie vir die boek.
- Jy is ’n nuusleser wat regstreeks vanaf die Rumoer-kompetisie verslag lewer. Voer ’n onderhoud met die lede van Suurlemoen! nadat hulle die Rumoer-kompetisie gewen het.

## Lees en kyk

- **Vluglees** Hoofstuk 1 van *Suurlemoen!*
  - Skryf ’n paar idees of woorde neer wat jou oog gevang het.
  - Klink die hoofstuk vir jou humoristies of spannend?
  - Hoeveel karakters is daar in die hoofstuk?
  - Uit hoeveel bladsye bestaan die hoofstuk?

- **Soeklees**-oefeninge:
  - Op watter bladsy begin die hoofstuk *Romeo en Juliet?*
  - Soek na die woord “luidspreker” op p. 97 van *Suurlemoen!.*
  - Soek na die woord “instrumente” op p. 116 van *Suurlemoen!.*
  - Wat is inskrywing #235 in *Tiaan en Zane se Gids tot Meisies?*
  - Watter hoofstuk bestaan net uit die lirieke van een van Suurlemoen! se liedjies?
  - Een van die hoofstukke in *Suurlemoen!* bestaan net uit ’n koerantberig. Wat is die koerant se naam?

- ’n Paar wenke vir **voorbereide hardoplees**:
  - Maak seker dat jy die woorde korrek uitspreek.
  - Moenie woorde byvoeg of uitlaat nie.
  - Lees met gevoel.
  - Lees vloeiend.
  - Lees sodat almal in die klas kan hoor.
  - Maak seker jy plaas die klem op die regte plek.
  - Lees teen die regte tempo, nie te vinnig of te stadig nie.
  - Maak af en toe oogkontak met die onderwyser en ander leerders.

- **Onvoorbereide lees**
  - Kies ’n gedeelte uit *Suurlemoen!* wat leerders onvoorbereid kan lees. Let steeds op bogenoemde leeswenke.

## Skryf en aanbied

- Skep ’n strokiesprent om een van die hoofstukke in *Suurlemoen!* te vertel.
- Skryf ’n resensie van *Suurlemoen!* vir jou skoolkoerant.
- Skryf Tiaan/Liezl/Bongi/Zane se dagboekinskrywing die aand ná die Rumoer-kompetisie.
- Vergelyk *Suurlemoen!* se oorspronklike en nuwe voorblaaie. Van watter een hou jy die meeste? Hoekom? Ontwerp ’n nuwe omslag vir *Suurlemoen!*
- Gebruik die besonderhede in *Suurlemoen!* deur Jaco Jacobs en ontwerp ’n strooibiljet wat Tiaan en die res van die groeplede by hul skool kan uitdeel om die Rumoer-kompetisie te adverteer.
- Jy is ’n regisseur wat ’n fliek wil maak oor *Suurlemoen!*. Jy moet besluit watter akteur(s) en aktrise(s) om aan te beveel vir die rolverdeling. Stel ’n verslag op wat die vervaardigers sal oortuig dat die akteur(s) en aktrise(s) wat jy gekies het, perfek is vir die rol. Jou verslag moet die volgende oor elkeen insluit:
  - ’n Foto
  - ’n Kort beskrywing van die persoon.
  - ’n Motivering (Hoekom is hy/sy perfek vir die rol?)
- Skryf ’n e-pos/informele brief aan die skrywer van Suurlemoen!, Jaco Jacobs. Vertel wat jou beïndruk het en watter invloed die

boek op jou lewe gehad het. Maak gebruik van spesifieke voorbeelde uit die boek. Gee ook minstens een voorstel vir hoe die skrywer die boek nog beter sou kon maak en motiveer hoekom jy hierdie verandering sou aanbring.

- Skryf 10 wenke vir tieners wat daaraan dink om 'n rockorkes te vorm.
- Skryf die dialoog tussen Bongi en Liezl n.a.v. hoofstuk 26 (die hoofstuk getiteld *Girls only*).
- Jy en jou vriende besluit om 'n rockorkes te vorm en in te skryf vir die JIP Rockspaaider Battle of the Bands-kompetisie. Vul die inskrywingsvorm in.

## DIE INVUL VAN VORMS

**OPDRAG:** Jy en jou vriende besluit om on rockorkes te vorm en in te skryf vir die JIP Rockspaaider Battle of the Bands-kompetisie. Vul die inskrywingsvorm hier onder en op die keersy van die bladsy in.

**LENGTE:** ________________________________________

________________________________________

**WENKE VIR DIE INVUL VAN VORMS:**

- Lees eers al die instruksies en kyk na die vorm voordat jy begin skryf
- Vul die vorm eers in potlood in sodat jy enige foute kan uitvee.
- Gebruik verkieslik 'n swart pen om die vorm finaal in te vul.
- Sommige dele van die vorm moet in BLOKLETTERS voltooi word. Dit beteken jy moet dit in hoofletters invul.
- Sorg dat jy jou geboortedatum, adres, poskode en identiteitsnommer ken of dat jy die inligting naby jou bêre, bv. in jou beursie.




| SKRYF IN EN WEN GROOT!!! | |
|---|---|
| ***Band* se naam:** | |
| **Skool:** | |
| **Dorp/Stad:** | |
| **Verantwoordelike *band*-lid:** | |
| **Kontaknommer (selfoon):** | |
| **Verantwoordelike volwassene:** | |
| **Kontaknommer (landlyn):** | |
| **Die name van die lede en die instrumente wat elkeen bespeel:** | |

**Waar en wanneer oefen julle?** ______________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**Waar en hoe gereeld tree julle op? *(gigs)*** ____________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

**Beskryf hoekom julle dink julle die volgende Rockspaaider-wenners behoort te wees.**

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

**Enige ander interessante inligting oor julle groep.**

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

______________________ ______________________
Handtekening van leier Datum

# Boekverslag

**Titel:** ______________________________

**Outeur:** ______________________________

**Illustreerder:** ______________________________

**Karakters:** ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

**Getal bladsye:** ____________________

**Uitgewer:** ____________________

**Jaar van publikasie:** ____________________

**ISBN:** ____________________

**Verteller:**

Eerstepersoonsverteller ☐

Derdepersoonsverteller ☐

**Boodskap:**

Wat kon ek uit die boek leer? ________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

**Sal jy die boek aanbeveel?**

Hoekom/hoekom nie? ________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

| 1. | As jy met een van die karakters in die verhaal kon vriende wees, watter een sou jy kies? Gee twee redes hoekom. |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| | | |
|---|---|---|
| 2. | As jy een ding in die verhaal kon verander, wat sou dit wees? | |
| | | |
| | | |
| | | |
| 3. | Watter deel van die verhaal het jou verras? Hoekom? | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| 4. | Vergelyk jouself met een van die karakters in die verhaal. | |
| | Ooreenkomste | Verskille |
| | 1) | 1) |
| | 2) | 2) |
| | 3) | 3) |
| | | |
| 5. | Watter ander titel sou ook ’n goeie titel vir die verhaal kon wees? | |
| | | |

| | |
|---|---|
| 6. | Watter tipe persoon sal hierdie verhaal geniet? Hoekom? |
| | |
| | |
| | |
| | |
| 7. | Kies 3 nuwe woorde wat jy geleer het terwyl jy die verhaal gelees het. Maak ’n goeie sin met elkeen van hierdie woorde. |
| | |
| | |
| | |
| | |

## Taalstrukture en -konvensies

Gebruik ’n uittreksel uit die teks en omskep dit in ’n taaloefening, bv:

- Gee die meervoud/verkleining van ...
- Die karakters in *Suurlemoen!* praat tipiese tienertaal en gebruik dus baie Engelse woorde. Gee die Afrikaanse woord vir ...
- Skryf die sin oor in die verlede/toekomende tyd.
- Skryf die sin oor in die lydende vorm.
- Skryf Tiaan se woorde oor in die indirekte rede.
- Ens.

# Bronne

Boeke

- Cloete, T.T. (1992) *Literêre Terme & Teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- De Vries, I. & Walters, C. (2008) *Suurlemoen!: ’n storie oor rock, liefde en ’n tuinkabouter: ’n gids.* Pretoria: LAPA Uitgewers.

**Webblaaie**

- www.jacojacobs.co.za
- www.jip.co.za
- www.lapa.co.za
- www.storiewerf.co.za

# Erkenning

Cila Walters & Izak de Vries: Die opsommings en gedeelte oor postmodernisme, asook ’n paar van die vrae kom uit *Suurlemoen!: ’n storie oor rock, liefde en ’n tuinkabouter: ’n gids.* LAPA Uitgewers, 2008.